## Graad R-
## taalverbeterings-program

# Aktiwiteitsgids

## Kwartaal 2



**Afrikaans**

Hierdie Konsepgids is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

Hierdie lisensie laat hergebruikers toe om die materiaal in enige medium of formaat vir nie-kommersiële doeleindes alleenlik te versprei, te vermeng, aan te pas en uit te brei, en dan slegs indien erkenning aan die skepper daarvan gegee word. Indien die materiaal vermeng, aangepas of uitgebrei word, moet die gewysigde materiaal ingevolge identiese voorwaardes gelisensieer word.

Vertaling en verwerking: Laetitia Bedeker

Afrikaans redigering en proeflees: Ilse von Zeuner

Illustrasies: Jiggs Snaddon-Wood

Ontwerp: Jacqui Botha

Afrikaans Setwerk: Lisa Borman van Intheworx Designs

# Inhoud

Voorwoord van die Departementshoof ... 4

**INLEIDING**
- Die Aktiwiteitsgids vir Kwartaal 2 ... 5
- Die onderrig van Huistaal in die daaglikse program vir Graad R ... 6
- Die Huistaal-tweeweek-siklus ... 7
- Programaktiwiteite is in lyn met die KABV ... 9

**IS JY MY MAMMA?**
- Storie ... 11
- Liedjie en woordeskat uit die storie ... 12
- Week 1 ... 13
- Week 2 ... 20

**ONS NUWE BABA**
- Storie ... 27
- Liedjie en woordeskat uit die storie ... 28
- Week 1 ... 29
- Week 2 ... 36

**DIE MUS-NES**
- Storie ... 43
- Liedjie en woordeskat uit die storie ... 44
- Week 1 ... 45
- Week 2 ... 52

**SKILPAD EN SY DOP**
- Storie ... 58
- Liedjie en woordeskat uit die storie ... 59
- Week 1 ... 60
- Week 2 ... 67

**GOUELOKKIES**
- Storie ... 74
- Rympie en woordeskat uit die storie ... 75
- Week 1 ... 76
- Week 2 ... 83

**ASSESSERINGS**
- Voorbeeldrekord van deurlopende assessering (kontrolelys) ... 90
- Luister en praat Rubriek 1 en 2 ... 91
- Klanke, Lees en kyk Rubriek 1 tot 3 ... 92
- Ontluikende skryf en Handskrif Rubriek 1 tot 3 ... 93

Hoe om speeldeeg en ’n klein boekie te maak ... 94

Aktiwiteitsbladsye ... 96

# Voorwoord van die Departementshoof

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT 2030
GROWING GAUTENG TOGETHER

Dear Teacher/Practitioner

Welcome to the training of the Grade R teachers/practitioners. The Gauteng Department of Education (GDE) has prioritized Early Childhood Development as its Strategic Goal 1. This is to ensure that we can lay a solid foundation and seamless transitioning of learners to Grade 1.

The Grade R Mathematics and Language Improvement Project has been developed to provide the much-needed classroom based support for the Grade R teachers/practitioners in Gauteng. It is about classroom practices with exciting techniques and methodology most appropriate for Grade R Teaching and Learning. This is in response to a study that reported that 65% of children across South Africa have not mastered the skills required to be able to succeed in Literacy and Numeracy when entering Grade 1. This project is intended to support the Grade R practitioners/teachers to address this challenge.

The Department's expectation is that you are ready to learn and be a more empowered Grade R teacher/practitioner. Your commitment to the training process and thereafter the implementation of lessons learnt in your classroom will contribute to the improvement of Grade R learner readiness for Grade 1.

We trust that this intervention will help enhance your potential, innovation and creativity as you lay an important foundation for learning of our children. This project would not have been possible without the support of our partners. The GDE is grateful for the support of the GEDT, Zenex Foundation and USAID who contributed to this initiative.

I trust you will learn a great deal from this training programme and improve the learning experience of the young children in your care.

Yours Sincerely

**MR EDWARD MOSUWE**
**HEAD OF DEPARTMENT**
**DATE:** 3/6/2020

# ★ Inleiding

## Die Aktiwiteitsgids vir Kwartaal 2

Die Huistaal-aktiwiteitsgids vir Kwartaal 2 bied 'n struktuur vir die onderrig van Huistaal in die tweede kwartaal van Graad R. Die aktiwiteite is gegrond op stories en is volgens 'n tweeweek-onderrigsiklus vir elke storie gestruktureer.

Jy sal die volgende hierin vind:

- Lys van wat jy vir elke tweeweek-storiesiklus moet voorberei
- Tweeweek-siklus wat die aktiwiteite vir elke dag vir twee weke uiteensit
- Deurlopende assesseringsblad op grond van die kwartaal se aktiwiteite wat gebruik kan word om die leerders se vordering deur die kwartaal op te teken
- Assesseringsrubrieke
- Fotokopieerbare aktiwiteitsblaaie, klein boekies en lettertemplate.

## Hulpbronne

Hier is 'n oorsig van die stories, verwante temas en fokusletters/-klanke vir Kwartaal 2.

| Storie | Tema | Fokusletters/-klanke |
|---|---|---|
| **Is jy my mamma?** | By die huis; Veiligheid | **v** en **t** |
| **Ons nuwe baba** | My gesin; Dae van die week | **h** en **k** |
| **Die mus-nes** | Die weer | **w** en **m** |
| **Skilpad en sy dop** | Klank, sig en voel | **r** en **s** |
| **Gouelokkies** | Smaak en reuk | **d** en **b** |

Jy sal met verloop van tyd jou eie hulpbronne moet versamel om die program te onderrig. Party word as deel van die program vir jou gegee, party moet jy versamel en party kan jy self maak. Ons stel voor dat jy jou lesse aan die begin van elke week beplan en al die materiale wat jy sal benodig vooruit voorberei. Maak seker dat alles gereed is voordat jy met die lesse begin sodat jy jou tyd met die leerders ten beste kan benut.

### Taalhulpbronpak

Jy sal met elke kwartaal se Aktiwiteitsgids 'n hulpbronpak ontvang wat die volgende bevat:

- Handpoppe vir elke storie
- Opeenvolgende prente vir elke storie
- 'n Groot Boek vir elke storie
- Speletjies en legkaarte (wat jy moet uitknip en voorberei).



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 5 2021/11/28 15:21

## Hulpbronne wat jy moet versamel of koop

- Rekwisiete en kostuums wat met die storie verband hou om tydens storievertelling, voorgee-spel en rolspel te gebruik
- Gedrukte materiaal wat met elke storie verband hou: prenteboeke, winkelbrosjures, tydskrifte en plakkate
- Voorwerpe of prentkaarte vir die woordelys vir elke storie
- Voorwerpe vir letterhouers
- Groot vetkryte, verf en verfkwaste, skêre, gom, koki-penne en witbordpenne
- A4-papier, karton en blaaibordpapier
- Prente van verskillende diere se woonplekke en verskillende familielede
- Afvalmateriaal vir kuns- en bou-aktiwiteite: afvalpapier, gras, vere, stokkies, watte, eierhouers, botteldoppies, plastiekbottels, vuurhoutjieboksies, klippies, papierborde, plastiekvurke, tou en veters, servette
- Items en klein prentjies vir lettertemplaat-aktiwiteite: tou, takkies, tandestokkies, teeblare, toiletpapier, tinfoelie, harte, hooi, herfsblare, houtsaagsels, kant, kurkproppe, koffiekorrels, klippies, krale, knope, konfetti, (verjaardag)kersies, ryskorrels, repies papier, rekkies, ringe, roomysstokkies, suigstokkiepapiertjies, sneespapier, sand, sponsies, strooitjies, saad, sterre, servette, stukkies vilt, vuurhoutjies, vierkante, vere.

## Voorbereiding vir elke storie

- Versamel rekwisiete vir storievertelling, rolspel en voorgee-spel.
- Maak vir elke leerder 'n fotokopie van die aktiwiteitsblaaie.
- Berei die speletjies en legkaarte voor en bewaar dit in 'n houer.
- Maak speeldeeg en speeldeegmatte (die resep is by die aktiwiteitsblaaie ingesluit).
- Fotokopieer en vou 'n klein boekie vir elke leerder (vind instruksies hiervoor op die aktiwiteitsblaaie).
- Maak twee letterhouers vir elke storie: Vul leë roomysbakke met voorwerpe (of prente van voorwerpe) wat met die spesifieke klank begin. Die **s**-houer sal byvoorbeeld voorwerpe bevat wat met die klank /**s**/ begin. Gebruik die woordelyste om jou te help om items vir die houers te kies. Merk elke letterhouer deur die lettertemplaat daarop te plak. Dit is 'n goeie idee om die template op vilt, sponsrubber of skuurpapier na te trek, sodat die leerders die vorm van elke letter kan voel.

# Die onderrig van Huistaal in die daaglikse program vir Graad R

Die Huistaal-fokustyd sluit heleklas- en kleingroep-aktiwiteite vir elke dag in. Aktiwiteite word op verskillende maniere georganiseer:

- Die onderwyser gee leiding van voor in die klas.
- Die onderwyser sit met 'n klein groepie om leiding te gee en saam met die leerders te werk.
- Die onderwyser verduidelik 'n aktiwiteit en laat die leerders dan meer onafhanklik in groepe werk.

Die tweeweek-siklus sit die daaglikse aktiwiteite vir twee weke uiteen. Die aktiwiteite is ontwerp om die taal van die storie te ontwikkel en te versterk, en ontwikkel belangrike geletterdheidskonsepte in 'n betekenisvolle storiekonteks. Die struktuur word vir elke tweeweek-siklus herhaal. Hierdie roetine raak bekend en is tot voordeel van sowel die onderwyser as leerders. Onderwysers kry meer selfvertroue om op hierdie manier te onderrig en leerders voel veilig wanneer hulle weet wat van hulle verwag word.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 6 2021/11/28 15:21

# Die Huistaal-tweeweek-siklus

## Week 1

| Heleklas-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Storie-gebaseerde aktiwiteite** | **Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat** | **Storievertelling en sang** | **Storievertelling en rolspel** | **Opeenvolgende prente** | **Maak, teken en skryf** |
| | Leerders hoor die storie vir die eerste keer terwyl hulle nuwe woordeskat leer. | Leerders luister weer na die storie en sing 'n liedjie verbonde aan die storie. | Leerders vertolk verskillende rolle en gebruik die storietaal self terwyl die storie vertel word. | Leerders vertel die storie weer deur prente te gebruik. | Leerders stel hulle idees oor die storie voor deur 'n voorwerp te maak, 'n prent te teken of aan gedeelde skryf deel te neem. |
| **Letter- en klank-aktiwiteite** | **Stel 'n klank uit die storie bekend** | **Vorm die letter** | **Letterhouers** | **Luister vir fokusklanke** | **Samesmelting en verdeling** |
| | Leerders word aan 'n fokusklank uit die storie bekendgestel. | Leerders vorm die fokusletter met gebruik van verskillende materiale wat hulle 'n ryk sensoriese ervaring bied. | Leerders sien voorwerpe en prente wat met die fokusklank begin, hou dit vas en gesels daaroor. | Leerders identifiseer fokusklanke in woorde. | Leerders meng klanke om woorde te vorm en verdeel woorde in klanke. |
| **Klein-groep-aktiwiteite** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| | Stella toon aan watter daaglikse kleingroep-aktiwiteite deur die onderwyser gelei word. | | | | |
| **Die blou groep** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** |
| | Leerders teken hulle idees deur teken en ontluikende skryf op. | Leerders bou legkaarte en speel taalspeletjies. | Leerders lees onafhanklik en geniet boeke en ander gedrukte materiaal. | Leerders doen fynmotoriese aktiwiteite en oefen lettervorming. | Leerders bou op die storietaal en tema deur voorgee-spel. |
| **Die groen groep** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** |
| **Die geel groep** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** |
| **Die rooi groep** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** |
| **Die pers groep** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 7 2021/11/28 15:21

## Week 2

| Heleklas-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Storie-gebaseerde aktiwiteite** | **Nog opeenvolgende prente** | **Gedeelde lees – Groot Boek** | **Leer om te luister** | **Lees en doen** | **Maak, teken en skryf** |
| | Leerders konsolideer hulle storiekennis meer onafhanklik met opeenvolgende prente. | Leerders luister na ʼn bekende storie wat vir hulle voorgelees word terwyl die onderwyser die leesproses demonstreer. | Leerders luister goed en volg mondelinge instruksies. | Leerders vertolk geskrewe en prentleidrade. | Leerders stel hulle idees oor die storie voor deur ʼn voorwerp te maak, ʼn prent te teken of aan gedeelde skryf deel te neem. |
| **Letter- en klank-aktiwiteite** | **Stel ʼn klank uit die storie bekend** | **Vorm die letter** | **Letterhouers** | **Luister vir fokusklanke** | **Samesmelting en verdeling** |
| | Leerders word aan ʼn fokusklank uit die storie bekendgestel. | Leerders vorm die fokusletter met gebruik van verskillende materiale wat hulle ʼn ryk sensoriese ervaring bied. | Leerders sien voorwerpe en prente wat met die fokusklank begin, hou dit vas en gesels daaroor. | Leerders identifiseer fokusklanke in woorde. | Leerders meng klanke om woorde te vorm en verdeel woorde in klanke. |
| **Klein-groep-aktiwiteite** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| | Stella toon aan watter daaglikse kleingroep-aktiwiteite deur die onderwyser gelei word. | | | | |
| **Die blou groep** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** |
| | Leerders teken hulle idees deur teken en ontluikende skryf op. | Leerders bou legkaarte en speel taalspeletjies. | Leerders lees onafhanklik en geniet boeke en ander gedrukte materiaal. | Leerders doen fynmotoriese aktiwiteite en oefen lettervorming. | Leerders bou op die storietaal en tema deur voorgee-spel. |
| **Die groen groep** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** |
| **Die geel groep** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** |
| **Die rooi groep** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  |
| **Die pers groep** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 8 2021/11/28 15:21

# Programaktiwiteite is in lyn met die KABV

Hierdie tabel toon hoe die aktiwiteite van die tweeweek-siklus spesifieke KABV-taalvaardighede ontwikkel, en ook hoe jy hierdie aktiwiteite kan gebruik om leerders se vordering teen KABV-assesseringskriteria te meet.

| Tweeweek-siklus | Heleklas-storiegebaseerde aktiwiteite | KABV-taal-vaardighede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| | | | (afgelei van die KABV-assesseringskriteria) | |
| **Week 1**: Maandag | Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat | Luister en praat | Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tye<br>Vra vrae | |
| Dinsdag | Storievertelling en sang | Luister en praat | Sing eenvoudige liedjies en voer bewegings uit (met hulp) | |
| Woensdag | Storievertelling en rolspel | Lees en kyk | Dramatiseer dele van stories, liedjies of rympies | |
| Donderdag | Opeenvolgende prente | Luister en praat | | **Luister en praat – Rubriek 1**: Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde |
| Vrydag | Maak, teken en skryf | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie<br>Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra | |
| **Week 2**: Maandag | Nog opeenvolgende prente | Luister en praat<br>Lees en kyk | | **Luister en praat – Rubriek 2**: Rangskik 'n stel prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is |
| Dinsdag | Gedeelde lees – Groot Boek | Lees en kyk | "Lees" vergrote tekste soos gedigte, Groot Boeke en plakkate as 'n heleklas-aktiwiteit saam met die onderwyser | |
| Woensdag | Leer om te luister | Luister en praat | Luister na eenvoudige instruksies en voer dit uit | |
| Donderdag | Lees en doen | Lees en kyk | Herken eie naam en die name van sommige maats in die klas | |
| Vrydag | Maak, teken en skryf | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie<br>Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra | |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 9 2021/11/28 15:21

| Tweeweek-siklus | Heleklas-letter- en klank-aktiwiteite | KABV-taal-vaardighede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| **Week 1 en 2**: Maandag | Stel 'n klank uit die storie bekend | Klanke | | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Dinsdag | Vorm die letter | Handskrif | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 1**: Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede |
| Woensdag | Letterhouers | Klanke | | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Donderdag | Luister vir fokusklanke | Klanke | Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van hulle eie naam | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 2**: Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van eie naam en ander woorde |
| Vrydag | Samesmelting en verdeling | Klanke | Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe: klap of gebruik tromslae op elke lettergreep in die woord of identifiseer die hoeveelheid lettergrepe (klappe) in die name van die kinders in die klas | |

| Tweeweek-siklus | Kleingroep-aktiwiteite | KABV-taal-vaardighede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| **Week 1 en 2**: Maandag | Teken en ontluikende skryf | Ontluikende skryf | Probeer letters skryf deur te krabbel en probeer eie skryfwerk "lees": "lees" wat krabbels beteken<br>Hou vetkryte reg vas en gebruik 'n aanvaarbare potloodgreep | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 2:** Teken prente om hoofgedagte van stories, liedjies of rympies weer te gee<br>**Rubriek 3**: Toon begrip dat skryf en teken verskillende aksies is: voorgee-skryf met gebruik van krabbels |
| Dinsdag | Legkaarte en speletjies | Klanke<br>Luister en praat | Gebruik taal om te dink en te redeneer: pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Woensdag | Selfstandige lees | Lees en kyk | "Lees" selfstandig en vir genot boeke uit die biblioteek/klaskamer se leeshoekie<br>Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 3**: Maak eie storie op deur die prente te "lees" |
| Donderdag | Fynmotoriese vaardighede en handskrif | Handskrif | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting<br>Boots bekende letters in eie naam na om skryfwerk voor te stel: boots eie naam na<br>Ontwikkel fynmotoriese beheer deur duidelik omlynde prente, vorms, ens. uit te knip | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 1**: Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede |
| Vrydag | Voorgee-spel | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Rolspeel skryf in speelsituasies: skryf van 'n telefoonboodskap, inkopielys, 'n verkeersboete<br>Herskryf teks vanuit die omgewing in speelsituasies | |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 10 2021/11/28 15:21

# ★ Is jy my mamma?

## Storie

Eendag was daar 'n mamma-voël wat 'n pragtige nes in 'n groot boom gebou het. Sy het 'n eier in haar nes gelê, en nou sit sy elke dag daarop om dit warm te hou. Baba-voëltjie is besig om in die eier te groei.

Een oggend is Mamma-voël baie honger. Sy besluit om kos te gaan soek, en vlieg uit die nes. Wat dink julle het gebeur terwyl sy weg was? Baba-voëltjie is nog baie klein, maar hy is gereed om uit te broei. Hy tik-tik met sy bekkie aan die binnekant van die eier en maak 'n gaatjie. Hy druk sy bekkie deur die gaatjie, en daar breek die eier. Baba-voëltjie het uitgebroei! Hy is baie bly en skud sy vlerkies. Baba-voëltjie kyk rond vir sy mamma en sê: "Waar is my mamma?" Hy kyk op en af en oral rond, maar hy sien haar nêrens nie.

"Ek gaan my mamma soek," sê Baba-voëltjie. Hy gee 'n tree en wat dink julle gebeur toe? Hy val regaf grond toe! Baba-voëltjie kan natuurlik nog nie vlieg nie – hy is nog te klein. Maar hy is 'n sterk en dapper voëltjie, en hy staan op, skud sy vlerkies reg en begin stap om sy mamma te soek.



Langs die pad sien hy 'n koei. "Koei, is jy my mamma?" vra hy. "Moeeee," sê die koei. "Nee, ek is nie jou mamma nie, maar ek sal vir jou 'n bietjie melk gee."

"Nee dankie," sê Baba-voëltjie. "Ek soek my mamma," en stap verder.



'n Entjie verder sien hy 'n bok. "Bok, is jy my mamma?" vra hy. "Bê, bê," sê die bok en skud haar harige kop. "Nee, ek is nie jou mamma nie, maar kom eet 'n bietjie soet gras saam met my."


"Nee dankie," sê Baba-voëltjie. "Ek soek my mamma," en stap verder.

Baba-voëltjie begin hartseer voel. Hy dink: "Gaan ek ooit my mamma vind?" Net toe kom Ouma in die pad afgestap met haar mandjie oor haar arm. Sy hoor 'n stemmetjie sê: "Twiet-twiet, twiet-twiet." Sy weet nie Baba-voëltjie vra waar sy mamma is nie.

Wat dink julle doen Ouma toe? Sy tel vir Baba-voëltjie op en sit hom in haar mandjie. "Het jy verdwaal, voëltjie?" vra Ouma. "Ek weet waar jou mamma is." Ouma stap na die nes en sit Baba-voëltjie versigtig daarin. Toe gaan sit sy op 'n rots en wag. Kan julle raai wat toe gebeur het?

Mamma-voël het 'n paar wurms gevind en vlieg terug nes toe met 'n lang wurm in haar bek. Baba-voëltjie het haar nog nooit gesien nie, want hy was mos binne-in die eier. Hy roep opgewonde: "Is jy my mamma? Ek weet jy is my mamma!" En Mamma-voël sê: "Ja, my skat, ek is jou mamma." Baba-voëltjie maak sy bekkie gretig oop en eet die wurm op. Mamma-voël en Baba-voëltjie gaan lê styf teen mekaar in die nes. Hulle is baie bly om by mekaar te wees.

***Fluit-fluit, my storie is uit.***





Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 11 2021/11/28 15:21

## Liedjie

Baba-voëltjie val uit sy nes, uit sy nes, uit sy nes
Baba-voëltjie val uit sy nes
Hy soek sy mamma.

Mevrou Koei, is jy my ma, is jy my ma, is jy my ma?
Mevrou Koei, is jy my ma?
Waar kan sy wees?

Nee, maar drink ’n bietjie melk, ’n bietjie melk, ’n bietjie melk
Nee, maar drink ’n bietjie melk
Waar kan sy wees?

Mevrou Bok, is jy my ma, is jy my ma, is jy my ma?
Mevrou Bok, is jy my ma?
Waar kan sy wees?

Nee, maar eet ’n bietjie gras, ’n bietjie gras, ’n bietjie gras
Nee, maar eet ’n bietjie gras
Waar kan sy wees?

Ouma sit hom terug in die nes, terug in die nes, terug in die nes
Ouma sit hom terug in die nes
Wanneer kom sy mamma?

Mamma-voël kom aangevlieg, aangevlieg, aangevlieg,
Mamma-voël kom aangevlieg
Met ’n lekker spekvet wurm!

*(Sing op die wysie van “This is the way” of gebruik jou eie wysie.)*



# Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **voël** | **nes** | **eier** | **koei** | **bok** | **vind** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | boom | bek | vlerkies | wurm | eet | uitbroei |
| | tik | breek | vlieg | op | af | opgewonde |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 12 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Storie: *Is jy my mamma?*
- Handpoppe: Mamma-voël, Baba-voëltjie, koei, bok, Ouma, boom, nes, eier, Baba-voëltjie in die eier
- Rekwisiete: 'n stukkie dik wol/tou vir 'n wurm, 'n voëlnes, 'n plastiekeier, 'n speelgoed-kuiken, vere, ouma-brilraam, 'n mandjie
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Twee oë om te sien**
Twee oë om te sien,
Twee ore om te hoor,
Twee bene om te stap en draf, o ja!
Hier is my hande –
Gee joune vir my –
Tyd vir stories, hoera!

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Waar woon voëls? Weet julle hoe word baba-voëltjies gebore? Wat eet baba-voëltjies?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Wys byvoorbeeld vir hulle prente van verskillende neste.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Dink julle Baba-voëltjie gaan sy mamma vind? Hoe dink julle voel Baba-voëltjie?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie? Het julle al ooit verdwaal? Weet julle wat om te doen as julle verdwaal?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"voël, vlieg, val, vlerkies. Kan julle die fokusklank hoor? **V**oël, **v**lieg, **v**al, **v**lerkies. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**v**/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**v**/ begin: vurk, vis, vliegtuig, vlag, vark, vingers."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**v**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**v**/ te sê: "**v-v-v**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **v** ("vee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 13 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie



# Week 1 Dag 2


## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê ’n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter

1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**v**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**v**/ begin.
2. Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan hulle vingers beweeg en “**vvvvingers**” sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **v** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol, gaan skuins af en dan weer skuins op.”*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 14 2021/11/28 15:21



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- ’n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **v** begin: voël, vurk, vis, vliegtuig, vuurhoutjie, voet, vere, vlag, vlieg, vark, vragmotor, verfkwas, vingers

**1** Sing die liedjie.

**2** Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Vra of hulle hierdie aksiewoorde kan uitvoer: “vlieg” en “tik-tik”.

**3** Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.

**4** Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.

**5** Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.

**6** Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.

**7** As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

Stella sê:



*Gebruik die deksel van die letterhouer met die vilt- of sponsrubber-letter daarop om vir die leerders te wys hoe om die letters te voel. Baie leerders sal daarby baat om die letters te voel en na te trek, want dit sal hulle help om die vorms van die letters te onthou.*

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op ’n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat ’n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.

**2** Vra vrae oor die voorwerpe: *“Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?”*

**3** Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.

**4** Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.

**5** Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.

**6** Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.

**7** Vra die leerders om voorwerpe te vind wat een van die fokusklanke het. Byvoorbeeld: *“Kan julle iets vind wat met die klank /**v**/ begin?”* Elke leerder moet dan die voorwerp benoem, die fokusklank sê en die voorwerp in die regte letterhouer sit.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 15 2021/11/28 15:21

# Week 1 Dag 4

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente

Stella sê:




*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

**1** Sing weer die liedjie.
**2** Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
**3** Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
**4** Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
**5** Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
**6** Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
**7** Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
**8** Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke

**1** Vra die leerders om stil op die mat te sit en hulle hande bak agter hulle ore te hou om mooi te luister. Verduidelik dat jy vier woorde gaan sê. Wanneer jy klaar die vier woorde gesê het, kan die leerders hulle hande opsteek as hulle weet watter klank hulle aan die begin van al die woorde gehoor het.

- Onderwyser en leerders: *"Sê my, sê my, in 'n koor. Wat is die fokusklank wat julle hoor?"*
- Onderwyser: *"Seep, soet, swem, skoen."*
- Onderwyser en leerders: *"Sê my, sê my wat julle hoor!"*
- Leerders: *"/**s**/"*



**2** Wanneer die leerders die fokusklank van die woorde geïdentifiseer het, sê die klank stadig en duidelik terwyl jy die beweging van jou mond beklemtoon.
**3** Gebruik slegs vier woorde op 'n slag in hierdie aktiwiteit. Gaan so dikwels as nodig terug na dieselfde klank en gebruik verskillende kombinasies van woorde om dit interessant te hou.

- /**s**/: seep, soet, swem, skoen, spyker, stoel, sand, skip
- /**r**/: radio, ring, roomys, rot, rok, riempie, rys, renoster
- /**b**/: boek, bal, beker, blom, by, been, bok, ballon
- /**d**/: deksel, donkie, duim, dolfyn, das, druiwe, duif, draad

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 16 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Gom, skêre
- Karton, afvalpapier, gras, vere, stokkies, verf, verfkwaste, papier of sneespapier
- Groot vetkryte
- 'n Toiletrol vir elke leerder
- Prente van neste of 'n regte nes
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: eendag, pragtige, gaatjie, mamma, bietjie, afgestap, Ouma, binnekant, verdwaal, harige, eier

Stella sê:



*Die rol van balletjies sneespapier help met fynmotoriese ontwikkeling.*

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1 Wys vir die leerders 'n nes of prente van 'n nes en bespreek waarvan neste gemaak word.

2 Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n nes en 'n voël in 'n boom gaan maak. Wys vir hulle 'n voorbeeld en stel voor dat hulle die volgende stappe volg:
   - ★ Knip stukkies karton uit om die bokant van die boom te maak.
   - ★ Plak blare op die boom of rol sneespapier om blare te maak.
   - ★ Maak 'n nes uit stokkies en rol stukkies papier om eiers in die nes te maak.
   - ★ Teken 'n prent van 'n voël en knip dit uit.
   - ★ Gebruik 'n toiletrol vir die boomstam (knip voor die les gleuwe in die toiletrolle).



### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)



1 Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **een | dag**.

2 Vra die leerders om na 'n maat te draai en mekaar 'n vatvyf te gee vir elke lettergreep: **een** (vatvyf) **dag** (vatvyf).

3 Sê ander meerlettergrepige woorde uit die storie terwyl die leerders vir elke lettergreep vatvywe doen. Vir afwisseling kan hulle ook op elke lettergreep op hulle knieë klap.

4 Moedig die leerders aan om die lettergrepe in die woorde te tel (byvoorbeeld: "eendag" het twee lettergrepe).

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.





Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 17 2021/11/28 15:21

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br><br>*As die leerders nie aan iets kan dink om te teken nie, kan jy vir hulle die opeenvolgende prente wys om idees te gee.* | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf. Byvoorbeeld: *"Baba-voëltjie … eet … die … Watter woord wou jy volgende sê? Wurm. Ek gaan die woord 'wurm' skryf."*<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • Legkaarte<br> | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Die leerders begin deur goed na die legkaartstukke te kyk en dit te sorteer.<br>**2** Hulle moet nou die legkaart bou om 'n prent te maak van 'n dier of 'n karakter uit die storie. Hulle kan die Groot Boek of die opeenvolgende prente vir leidrade gebruik. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 18 2021/11/28 15:21

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • ’n A5-templaat van die letter “**v**” vir elke leerder<br>• Stukkies vilt, vuurhoutjies, vierkante of vere<br>• Gom | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder ’n lettertemplaat en stukkies vilt, vuurhoutjies, vierkante of vere.<br>**2** Hulle moet stukkies vilt, vuurhoutjies, vierkante of vere gebruik en dit op die templaat plak om die ruimtes te vul en die letter te vorm.<br>**3** Hulle kan ook tekeninge byvoeg van dinge wat met die fokusklank “**v**” begin.<br> |
| • Rekwisiete: ’n paar groot komberse, lakens of lap oor stoele en tafels getrek om ’n “huis” te maak, plastiekeetgerei, herwonne houers en potjies, kamma-kos (plastiekvrugte of -groente, leë koshouers of -pakkies), ’n kussing, ’n kombers en ’n pop | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete.<br>**2** Vra die leerders: *“Waar het Baba-voëltjie gewoon? In ’n nes! Waar woon mense? Ons woon in huise. Wil julle ’n huis bou en lekker saam speel?”*<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Byvoorbeeld: As dit by hulle speletjie inpas, kan jy voorgee om ’n buurvrou te wees wat by hulle huis aankom. Klop aan die “deur” en kyk of hulle jou innooi.<br> |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 19 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
6. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.
7. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees". Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"twiet-twiet, tel, tik-tik. Kan julle die fokusklank hoor? **T**wiet, **t**el, **t**ik. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**t**/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**t**/ begin: tande, tafel, trein, telefoon, tent, tamatie."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**t**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**t**/ te sê: "**t-t-t**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **t** ("tee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 20 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Is jy my mamma?*
- 'n A5-templaat van die letter "**t**" vir elke leerder
- Groot vetkryte

# Week 2 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite



### Gedeelde lees – Groot Boek

**1** Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.

**2** Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".

**3** Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.


**4** Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.

**5** Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.

**6** Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter




**1** Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**t**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**t**/ begin.

**2** Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle 'n trein is wat sukkel om teen 'n bult uit te kom en "**t-t-t-t**" sê.

**3** Wys vir die leerders hoe om die letter **t** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol en gaan af en om. Lig op en trek 'n strepie van links na regs."*

**4** Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.

**5** Verduidelik vir die leerders dat hulle nou terug na hulle tafels moet gaan om reënboogletters te maak. Dit beteken hulle gaan met verskillende kleure vetkryte oor die letter op hulle bladsy skryf.

**6** As die leerders aan dinge kan dink wat met die klank begin wat die letter maak, kan hulle dit rondom die reënboogletter teken. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 21 2021/11/28 15:21

Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 22 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **t** begin: telefoon, tandeborsel, teesakkie, tou, tande, tafel, tent, tamatie, tak, tydskrif, teelepel, tier, trein, tamatiesous

Stella sê:



*Berei kaarte van verskillende baba-diere voor om dit makliker vir die leerders te maak. Elke leerder kies 'n kaart en maak dan asof hulle daardie dier is terwyl die res van die klas raai watter dier hulle is.*





# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1. In die storie sê Baba-voëltjie, *"twiet-twiet"*. Vra die leerders of hulle weet wat 'n baba-voëltjie genoem word ('n kuiken). Vra die leerders of hulle weet watter geluid 'n baba-koei maak.
2. Sê: *"Ja, 'n baba-koei sê moe. En 'n baba-koei word 'n kalf genoem.*
   - ★ *In Afrikaans noem ons 'n baba-kat net 'n katjie en 'n baba-hond net 'n hondjie. 'n Katjie sê miaau en 'n hondjie sê woef.*
   - ★ *Party ander diere se kleintjies het spesiale name. Ons noem 'n leeu se kleintjie 'n welpie. 'n Leeu brul. Ons noem 'n perd se kleintjie 'n vulletjie. 'n Perd runnik."*
3. Verduidelik vir die leerders dat hulle beurte gaan neem om voor te gee dat hulle een van hierdie baba-diere is. Die res van die klas moet raai watter baba-dier hulle is.
4. Vra die leerders nou om goed te luister terwyl jy die klanke van die diere maak: *"woef-woef, twiet-twiet"*. Hulle moet die klanke wat jy sê in die regte volgorde probeer naboots. Probeer dit met verskillende kombinasies dieregeluide: woef, kwaak, oink, miaau.

### Letterhouers


1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Gee vir party van die leerders 'n voorwerp en sê dan een van die klanke. Vra al die leerders wat 'n voorwerp het wat met daardie klank begin om vorentoe te kom en die voorwerp in die regte letterhouer te sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.

**Jy benodig:**

- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Groot vetkryte



# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

**1** Vra die leerders om na die lys op die aktiwiteitsblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien (getalle, prente en woorde).

**2** Vertel vir hulle dat hulle nou 'n prettige aktiwiteit met die naam "Lees en doen" gaan doen. Hulle moet elke reël "lees" en dan in die oop ruimte op die bladsy doen wat dit sê.

**3** Lees weer die eerste reël saam. Sê vir die leerders hulle moet een koei teken, maar moenie vir hulle sê waar hulle dit moet teken nie.

**4** Vra of enige leerders kan "lees" wat hulle volgende op die lys moet doen: Hulle moet een bok teken.

**5** Doen dit vir al die instruksies.

**6** Lees nou weer elke instruksie en sê vir die leerders: *"Het julle een koei geteken? Wanneer julle klaar is, merk dit af op die lys."*

**7** Die leerders moet voortgaan om elke instruksie te teken en af te merk tot aan die einde van die lys.

### Luister vir fokusklanke



**1** Vra die leerders om stil op die mat te sit en hulle hande bak agter hulle ore te hou om mooi te luister. Verduidelik dat jy vier woorde gaan sê. Wanneer jy klaar die vier woorde gesê het, kan die leerders hulle hande opsteek as hulle weet watter klank hulle aan die begin van al die woorde gehoor het.

- Onderwyser en leerders: *"Sê my, sê my, in 'n koor. Wat is die fokusklank wat julle hoor?"*
- Onderwyser: *"Man, mes, muis, mat."*
- Onderwyser en leerders: *"Sê my, sê my wat julle hoor!"*
- Leerders: *"/**m**/"*

**2** Wanneer die leerders die fokusklank van die woorde geïdentifiseer het, sê die klank stadig en duidelik terwyl jy die beweging van jou mond beklemtoon.

**3** Gebruik slegs vier woorde op 'n slag in hierdie aktiwiteit. Gaan so dikwels as nodig terug na dieselfde klank en gebruik verskillende kombinasies van woorde om dit interessant te hou.

- /**m**/: man, mes, muis, mat, maan, mielie, mot, magneet
- /**t**/: telefoon, tou, tande, tafel, tent, tamatie, tak, trein
- /**k**/: kat, kam, kers, koei, koek, kar, koppie, kaas
- /**p**/: padda, piesang, pen, potlood, perd, pop, pyp, perske

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 23 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- 'n Groot vel papier met 'n oop ruimte in die middel en ses spraakborrels in 'n kopkaart-formaat
- Handpoppe vir die storie
- 'n Dik swart merkpen
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: eendag, pragtige, gaatjie, mamma, bietjie, afgestap, Ouma, binnekant, verdwaal, harige, eier
- Rammelaars of tromme

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf


1 Sê vir die leerders: *"Ons gaan vandag ons eie storie skryf oor een van die diere in die storie van Baba-voëltjie. Kom ons kies eers die dier waaroor ons gaan skryf."* Wys vir die leerders die diere-handpoppe. As julle klaar op 'n dier besluit het, sit die diere-handpop in die middel van die kopkaart.

2 Gebruik die volgende vrae om die skryfproses te lei:
   - ★ Kassie 1: Vra die leerders om aan 'n naam vir die dier te dink. Skryf dit neer.
   - ★ Kassie 2: Vra die leerders om idees te gee oor waar die dier woon. Beskryf hierdie plek in 'n sin.
   - ★ Kassie 3: Bespreek wat die dier graag eet. Skryf 'n sin daaroor nadat julle op iets besluit het.
   - ★ Kassie 4: Vra die leerders vir idees oor iets wat die dier eenkeer gedoen het. Kies een van die idees en skryf dit in 'n sin neer.
   - ★ Kassie 5: Gesels oor wat volgende gebeur het. Skryf die leerders se woorde in 'n sin neer.
   - ★ Kassie 6: Bespreek met die leerders hoe die storie moet eindig en skryf 'n sin.

3 Lees nou die storie vir die leerders. Gebruik die kassies om jou te help.

4 Vra die leerders of hulle van die storie hou. As hulle enige veranderinge wil aanbring, kan jy dit op die kopkaart neerskryf. Lees dan weer die storie.

5 As daar tyd is, kan jy 'n paar van die leerders vra om die storie te illustreer. Plak die storie teen die muur.





### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1 Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld **prag | ti | ge**.

2 Vra die leerders om op elke lettergreep te marsjeer: **prag** (een tree) **ti** (een tree) **ge** (een tree). Gee vir 'n paar leerders rammelaars of tromme om op elke lettergreep te skud of te slaan.

3 Sê nog meerlettergrepige woorde uit die storie terwyl die leerders op maat van die lettergrepe marsjeer. Moedig die leerders aan om die lettergrepe in die woorde te tel (byvoorbeeld: "pragtige" het drie lettergrepe).

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 24 2021/11/28 15:21

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

<table>
<tr><th>Jy benodig</th><th>Aktiwiteite</th></tr>
<tr><td>

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte
- 'n Kopie van die gedig: Huis
- Prente van verskillende diere-huise: 'n nes, 'n hondehok, 'n mandjie, 'n kraal, 'n spinnerak, 'n dop, 'n byekorf




</td><td>

***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**

**1** Lees die gedig vir die leerders en wys na die prente van die verskillende soorte diere-huise: 'n nes, 'n hondehok, 'n mandjie, 'n kraal, 'n spinnerak, 'n dop, 'n byekorf, ens.

**2** Die leerders moet prente van huise teken en van die diere wat in die huise woon. Byvoorbeeld: 'n hondehok en 'n hond, 'n spinnerak en 'n spinnekop.

*'n Dop of 'n skulp*<br>*Of 'n gat is 'n huis*<br>*Vir 'n slak of 'n skilpad*<br>*Vir 'n haas of 'n muis.*<br>*Diep in die see*<br>*Of hoog in 'n boom*<br>*Jou huis is waar jy veilig kan droom.*

*'n Eier of 'n grot*<br>*Of 'n hok is 'n huis,*<br>*Want 'n voël of 'n beer*<br>*Of 'n hond voel daar tuis.*<br>*'n Hele familie*<br>*Of net een wat daar lê*<br>*Jou huis is waar jy lief kan hê.*

</td></tr>
<tr><td>

- Legkaarte



</td><td>

***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**

**1** Die leerders begin deur goed na die legkaartstukke te kyk en dit te sorteer.

**2** Hulle moet nou die legkaart bou om 'n prent te maak van 'n dier of 'n karakter uit die storie. Hulle kan die Groot Boek of die opeenvolgende prente vir leidrade gebruik.

</td></tr>
<tr><td>

- Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures



</td><td>

***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**

**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.

**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.



**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.

**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig.

</td></tr>
</table>



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 25 2021/11/28 15:21

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n A5-templaat van die letter "**t**" vir elke leerder<br>• Items of prente van dinge wat met "**t**" begin: tou, takkies, tandestokkies, teeblare, toiletpapier, tinfoelie<br>• Gom, skêre | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n lettertemplaat en items of prente met die fokusklank.<br>**2** Hulle moet items of prente van dinge wat met die fokusklank begin, gebruik om die ruimtes te vul en die letter te vorm.<br>**3** Hulle kan ook tekeninge byvoeg van dinge wat met die fokusklank "**t**" begin.<br><br> |
| • Rekwisiete: 'n paar groot komberse, lakens of lap oor stoele en tafels getrek om 'n "huis" te maak, plastiek-eetgerei, herwonne houers en potjies, kamma-kos (plastiekvrugte of -groente, leë koshouers of -pakkies), 'n kussing, 'n kombers en 'n pop | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle huis-huis gespeel het.<br>**2** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en vra: *"Waar het Baba-voëltjie gewoon? In 'n nes! Waar woon mense? Ons woon in huise. Wil julle 'n huis bou en lekker saam speel?"*<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Byvoorbeeld: As dit by hulle speletjie inpas, kan jy voorgee om 'n buurvrou te wees wat by hulle huis aankom. Klop aan die "deur" en kyk of hulle jou innooi.<br> |

# ★ Ons nuwe baba

## Storie

My naam is Thabi en ek is ses jaar oud. Ek gaan binnekort 'n bababoetie of babasussie kry en ek is baie opgewonde daaroor! Mamma het vanoggend vroeg na my kamer toe gekom en gesê: "Thabi, ons baba is nou groot en sterk genoeg om gebore te raak. Ek gaan vandag hospitaal toe en ek gaan Maandag, Dinsdag, Woensdag en Donderdag daar wees. Ek kom Vrydag weer huis toe."



Thabi se mamma maak gereed om hospitaal toe te gaan. "Tatta, my skat," sê sy. "Ek is sommer gou weer terug met 'n groot verrassing vir ons almal." Die baba het so groot in haar mamma se maag gegroei dat Thabi nie eens meer haar arms rondom Mamma se lyf kan kry om haar 'n drukkie te gee nie.

Die taxi toet buite die huis. Dit is tyd vir Mamma om te gaan. Thabi hou haar kombers styf vas en begin huil. Sy voel hartseer, daarom tel Pappa haar op en sit haar op sy skouers. Sy is mal daaroor om so hoog bo die grond te wees.

Thabi moet net vyf dae wag: Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag en Vrydag – maar dit voel vir haar baie, baie lank. Thabi vra vir Pappa baie vrae oor die nuwe baba. Pappa kry 'n blink gedagte. "Hoekom skryf jy nie vir Mamma 'n brief nie? Jy kan vir haar vertel hoeveel jy haar mis en haar nog vrae oor die baba vra." Thabi sê: "Dis 'n goeie plan, Pappa. Sal jy my asseblief help?"



Ná skool help Thabi se pappa haar om die brief vir haar mamma te skryf.

*"Liewe Mamma*
*Ek is lief vir jou en ek mis jou! Pappa sê jy en die baba kom Vrydag huis toe. Ek is bly dit is dan naweek. Daar is mos nie Saterdag of Sondag skool nie, so ek kan die hele dag met die baba speel en die baba in my kombers toedraai. Is ons baba 'n seuntjie of 'n dogtertjie? Ek wonder of die baba soos ek gaan lyk. Wanneer gaan ons baba begin loop en praat?*
*Liefde*
*Thabi (jou groot baba)"*

Dit is Vrydag. Die groot dag is hier. Thabi is baie opgewonde. Sy staan baie vroeg op om vir Mamma en die baba te wag. Thabi hoor haar mamma by die voordeur, maar sy bly tjoepstil. Sy wil haar mamma verras.

Maar Thabi is die een wat die verrassing kry! Haar mamma het huis toe gekom met 'n tweeling! Thabi het 'n boetie *en* 'n sussie!

***Fluit-fluit, my storie is uit.***





Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 27 2021/11/28 15:21

## Liedjie

Slaap, my babas, slaap sag
In jul bedjies vannag
Hier's 'n soentjie, slaap nou sag
Môre is 'n nuwe dag.



*(Sing op die wysie van "Slaap, my kindjie, slaap sag" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **bly** | **hartseer** | **opgewonde** | **verras** | **tweeling** | **hospitaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | maag | groei | in | rondom | drukkie | huil |
| | gaan | wag | kombers | naweek | mis | brief |



**Jy benodig:**

- Storie: *Ons nuwe baba*
- Handpoppe: Thabi, Thabi se ma, Thabi se pa, 'n tweeling, 'n kalender
- Rekwisiete: Thabi se kombers, 'n brief van Thabi ('n vel papier en 'n potlood), 'n kalender, 'n das, twee poppe (of komberse om iets gedraai wat soos babas lyk)
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

**Twee oë om te sien**

Twee oë om te sien,
Twee ore om te hoor,
Twee bene om te stap en draf, o ja!
Hier is my hande –
Gee joune vir my –
Tyd vir stories, hoera!

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Hoeveel gesinslede het julle? Het julle bababoeties of -sussies? Ken julle tweelinge?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: Vra die leerders om vir jou te wys hoe hulle lyk wanneer hulle hartseer, bly, opgewonde en verras is.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Op watter dag kom Thabi se mamma huis toe? Hoekom wou Thabi huil? Wat dink julle het Thabi in die brief vir haar mamma geskryf? Wat dink julle was die verrassing?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie? Wat doen julle graag wanneer julle vir iets moet wag?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"hospitaal, huis, huil, hoog, hoekom, help. Kan julle die fokusklank hoor? **H**ospitaal, **h**uis, **h**uil, **h**oog, **h**elp. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**h**/."*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**h**/ begin: hond, horlosie, hoed, hart, hand, hen."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**h**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**h**/ te sê: "**h-h-h**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **h** ("hi"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 29 2021/11/28 15:21

## Jy benodig:

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie




# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê ’n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan. Vra die leerders of hulle enige ander wiegeliedjies of slaapliedjies ken wat hulle met die klas kan deel. Dit kan pret wees om dit in meer as een taal te sing!

### Vorm die letter




1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**h**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**h**/ begin.
2. Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan voorgee om ’n motor te wees wat wil gaan staan, en “**h-h-h-h**” sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **h** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol, gaan regaf tot onder, halfpad op, om en af.”*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 30 2021/11/28 15:21



**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- ’n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **h** begin: hond, horlosie, hoed, hart, hand, hen, huis, haas, haai, handskoen, haarknippie, handsak, haarborsel, helikopter, hout



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Kan hulle iets beskryf wat hulle baie opgewonde maak? Hoe lyk ’n mens wanneer jy opgewonde is?
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op ’n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat ’n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *“Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?”*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Vra die leerders om voorwerpe te vind wat een van die fokusklanke het. Byvoorbeeld: *“Kan julle iets vind wat met die klank /**h**/ begin?”* Elke leerder moet dan die voorwerp benoem, die fokusklank sê en die voorwerp in die regte letterhouer sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 31 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**


- Groot opeenvolgende prente
- Voorwerpe of prente met dieselfde fokusklank

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*




# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke

1. Kies twee fokusklanke en vind stelle prente of voorwerpe wat met daardie fokusklanke begin (jy kan voorwerpe uit die letterhouers gebruik).
2. Vra vier leerders om voor in die klas te gaan staan. Gee vir elke paar leerders voorwerpe of prente wat met dieselfde fokusklank begin. Hulle moet dit in die lug hou sodat al die leerders dit kan sien. Vra die ander leerders om jou te help om die prente of voorwerpe te benoem.
3. Sê die naam van elke prent of voorwerp stadig en beklemtoon die fokusklank.
4. Vra die leerders watter twee voorwerpe of prente dieselfde fokusklank het. Leerders wat hierdie voorwerpe of prente vashou, moet langs mekaar gaan staan. Gaan so voort met nog drie of vier voorwerpe of prente.
5. Wanneer die leerders vertroud is met die speletjie, kan jy die volgende variasie probeer: Maak seker dat jy genoeg voorwerpe of prente het sodat jy vir elke leerder een kan gee. Verduidelik vir die leerders dat hulle nog 'n leerder moet vind wie se voorwerp of prent met dieselfde fokusklank begin, en dan saam op die mat moet gaan sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 32 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- **Vuurhoutjieboks-baba**: een vuurhoutjieboksie per leerder en ’n voorbeeld van ’n baba in ’n vuurhoutjieboksie om vir die leerders te wys
- Klippies, kurkproppe, sponsrubber, watte, tou, stukkies lap, gekleurde papier, lint
- **Rammelaar**: ’n leë plastiekbottel vir elke leerder, klippies, kraletjies, bone, sand, gekleurde papier
- Groot vetkryte en dik swart merkpenne of koki-penne
- Skêre en gom
- ’n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: baba, opgewonde, hospitaal, drukkie, verrassing, boetie, sussie, Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag, naweek

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Verduidelik vir die leerders dat hulle hul eie baba en bababedjie in ’n vuurhoutjieboksie gaan maak. Hulle moet die materiale op die tafel gebruik en die baba se gesig met ’n koki-pen op die klippie of kurkprop teken. Hulle moet ook die vuurhoutjieboksie versier om ’n bed vir hulle baba te maak. Wys vir die leerders jou voorbeeld.
2. Vra die leerders om vir hulle “baba” ’n naam te gee en die naam op ’n stuk papier te skryf, wat hulle aan die voorkant of aan die kant van die boksie kan plak. Verduidelik vir hulle dat hulle die naam moet skryf soos hulle dink dit geskryf word.
3. Moedig die leerders aan om ’n maat oor sy/haar “baba” uit te vra. Wat is die baba se naam? Is dit ’n seuntjie of ’n dogtertjie? Huil die baba baie?

**OF**

1. Verduidelik vir die leerders dat hulle ’n rammelaar vir ’n baba gaan maak. Hulle moet klippies, kraletjies of sand in die plastiekbottel gooi en die bottel met stukkies gekleurde papier bedek sodat dit mooi lyk vir die baba.




### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)


1. Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **hos | pi | taal**.
2. Vra die leerders om na ’n maat te draai en mekaar ’n vatvyf te gee vir elke lettergreep: **hos** (vatvyf) **pi** (vatvyf) **taal** (vatvyf).
3. Sê ander meerlettergrepige woorde uit die storie terwyl die leerders vir elke lettergreep vatvywe doen.
4. Moedig die leerders aan om die lettergrepe in die woorde te tel (byvoorbeeld: “hospitaal” het drie lettergrepe).



## Kleingroep-aktiwiteite


Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br><br>*As die leerders nie aan iets kan dink om te teken nie, kan jy vir hulle die opeenvolgende prente wys om idees te gee.* | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf. Byvoorbeeld: *"Thabi … is … baie bly … oor haar … babasussie en … Watter woord wou jy volgende sê? Bababoetie. Ek gaan die woord 'bababoetie' skryf."*<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • **Klanke-legkaart**<br> | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Die leerders begin deur die legkaartstuk met vier prente daarop te vind. Hulle moet hierdie legkaartstuk in die middel van die tafel neersit.<br>**2** Die leerders moet die name en fokusklanke van elke prent sê.<br>**3** Leerders moet dan elkeen nog 'n legkaartstuk optel en die fokusklanke van al die prente op hulle legkaartstuk by mekaar pas. Die legkaart is voltooi wanneer al die stukke 'n vierkant vorm. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 34 2021/11/28 15:21



| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n A5-templaat van die letter "**h**" vir elke leerder<br>• Items of prente van dinge wat met "**h**" begin: harte, hooi, herfsblare, houtsaagsels<br>• Gom en skêre<br>• Tydskrifte | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n lettertemplaat en items of prente met die fokusklank.<br>**2** Hulle moet die items of prente van dinge wat met die fokusklank begin, gebruik om die ruimtes te vul en die letter te vorm.<br>**3** Hulle kan ook tekeninge byvoeg van dinge wat met die fokusklank "**h**" begin.  |
| • Rekwisiete: komberse, poppe, doeke, stootwaentjie, bababedjie, bottels, bababad, skaal, klein handdoek | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Verduidelik dat hulle gaan voorgee dat hulle ouers met 'n nuwe baba is. Hulle kan hul baba aantrek en voer en ook saamneem om ander ouers te besoek. Hulle kan ook kliniek toe gaan waar 'n verpleër die baba kan weeg en ondersoek.<br>**2** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Byvoorbeeld: Jy kan voorgee dat jy 'n geskenk vir die nuwe baba bring. Vra die "ouers" oor hulle baba en vertel vir hulle hoe pragtig die baba is!  |




Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 35 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Kies ’n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).

**2** Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.

**3** Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *“Wie kan onthou wat volgende gebeur het?”*

**4** Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.

**5** Gee vir elke leerder ’n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.

**6** Neem die leerders op ’n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.

**7** As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir ’n maat in die klas “lees”. Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel ’n klank uit die storie bekend



**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *“kamer, kry, kombers, kan. Kan julle die fokusklank hoor? **K**amer, **k**ry, **k**ombers, **k**an. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**k**/.”*

**2** *“Luister nou mooi. Hier is nog ’n paar woorde wat met /**k**/ begin: kat, kam, kers, koei, koek, kar, koppie, kaartjie.”* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**k**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.


**4** Vra die leerders om die klank /**k**/ te sê: “**k-k-k**”. Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **k** (“kaa”), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 36 2021/11/28 15:21



**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Ons nuwe baba*
- 'n A5-templaat van die letter "**k**" vir elke leerder
- Groot vetkryte

# Week 2 Dag 2



## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

**1** Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.

**2** Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".

**3** Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.


**4** Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.

**5** Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.

**6** Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter




**1** Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**k**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**k**/ begin.

**2** Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Maak asof jy koek eet, en "**k-k-k-koek**" sê.

**3** Wys vir die leerders hoe om die letter **k** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol en gaan regaf. Lig en maak 'n been na links en 'n been na regs af."*

**4** Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.

**5** Verduidelik vir die leerders dat hulle nou terug na hulle tafels moet gaan om reënboogletters te maak. Dit beteken hulle gaan met verskillende kleure vetkryte oor die letter op hulle bladsy skryf.

**6** As die leerders aan dinge kan dink wat met die klank begin wat die letter maak, kan hulle dit rondom die reënboogletter teken. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 37 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- 'n Tuisgemaakte baba-rammelaar
- Handpoppe vir die storie
- Prente uit 'n tydskrif van verskillende familielede
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **k** begin: kat, kam, kers, koei, koek, kar, koppie, kaartjie, kaas, klip, knoop, klok, kraal, kwas, kryt, kamera, kous, krokodil

### Stella sê:



*'n Goeie wenk om die leerders te laat bedaar vir die luisteraktiwiteit is om vir hulle te sê om hulle oë toe te maak. Stap dan na die hoek van die klaskamer en skud die rammelaar hard. Vra die leerders om te wys waarvandaan die geluid kom. Stap saggies na die agterkant van die klaskamer en skud weer die rammelaar. Doen dit uit verskillende rigtings. Skud die rammelaar eers hard, en dan saggies.*

# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1. Vra die leerders om goed na die handpoppe vir die storie te kyk. Wys die poppe een op 'n slag vir hulle en vra hulle om jou te help om elkeen te beskryf: *"Is hierdie een lank of kort? Het sy lang of kort hare? Is sy oud of jonk? Wat het sy aan?"* Beskryf dan die prente wat jy uit 'n tydskrif geknip het. Plak die handpoppe en die prente met wondergom teen die muur.
2. Verduidelik vir die leerders dat hulle mooi moet luister terwyl jy een van die mense beskryf. Vra die leerders om hulle hande op te steek as hulle weet watter persoon jy beskryf. Byvoorbeeld: *"Ek dink aan iemand wat nogal lank is. Hy dra wintersklere. Hy lyk vriendelik."*
3. Vra of iemand een van die karakters wil beskryf terwyl die ander leerders luister.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Gee vir party van die leerders 'n voorwerp en sê dan een van die klanke. Vra al die leerders wat 'n voorwerp het wat met daardie klank begin om vorentoe te kom en die voorwerp in die regte letterhouer te sit.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 38 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- 'n Emoji-gesig vir elke leerder (fotokopieer die **Emoji-gesigte-blad** en knip dit uit)
- 8 gekleurde emoji-gesigte, uitgeknip
- Speeldeeg en speeldeegmatte vir elke leerder
- Stokkies, wol, kraletjies of plastiekoë
- Opsioneel: tydskrifte





# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1 Vra die leerders om op die mat te sit en mooi na jou gesig te kyk. Trek 'n gesig om 'n gevoel te wys en vra die leerders om jou na te boots en die gevoel te benoem.

2 Doen dit weer, maar wys nou vir die leerders 'n prent van elke emoji-gesig terwyl jy oor elke gevoel praat. Trek dan 'n gesig en vra 'n leerder om vorentoe te kom en na die korrekte emoji-prentjie te wys. Vra 'n leerder om 'n gevoel te wys, en 'n ander leerder om die korrekte emoji-prentjie daarvoor te wys.

3 Nadat julle dit met 'n paar prentjies gedoen het, gaan die leerders terug na hulle tafels. Elke leerder benodig speeldeeg, 'n speeldeegmat en 'n emoji-prentjie.

4 Die leerders moet 'n stuk van die speeldeeg gebruik om 'n balletjie te rol en dit dan platdruk om 'n ronde vorm vir 'n gesig te maak. Moedig die leerders aan om die emoji te "lees" en 'n gesig met speeldeeg en die materiale op die tafel te maak wat by die gevoel van die emoji pas. Hulle kan dan die emoji-prentjie met 'n ander leerder uitruil om 'n ander gesigsuitdrukking te maak.

**OF**

1 Die leerders kan prente uit tydskrifte knip van mense met gesigsuitdrukkings wat by die emoji's se gesigsuitdrukkings pas. Die prente kan dan op 'n stuk blaaibordpapier langs die emoji-gesig geplak word.

### Luister vir fokusklanke

1 Kies twee fokusklanke en vind stelle prente of voorwerpe wat met daardie fokusklanke begin (jy kan voorwerpe uit die letterhouers gebruik).

2 Vra vier leerders om voor in die klas te gaan staan. Gee vir elke paar leerders voorwerpe of prente wat met dieselfde fokusklank begin. Hulle moet dit in die lug hou sodat al die leerders dit kan sien. Vra die ander leerders om jou te help om die prente of voorwerpe te benoem.

3 Sê die naam van elke prent of voorwerp stadig en beklemtoon die fokusklank.

4 Vra die leerders watter twee voorwerpe of prente dieselfde fokusklank het. Leerders wat hierdie voorwerpe of prente vashou, moet langs mekaar gaan staan. Gaan so voort met nog drie of vier voorwerpe of prente.


5 Wanneer die leerders vertroud is met die speletjie, kan jy die volgende variasie probeer: Maak seker dat jy genoeg voorwerpe of prente het sodat jy vir elke leerder een kan gee. Verduidelik vir die leerders dat hulle nog 'n leerder moet vind wie se voorwerp of prent met dieselfde fokusklank begin, en dan saam op die mat moet gaan sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 39 2021/11/28 15:21




**Jy benodig:**

- 'n A3-vel papier of karton
- Witbordpen
- Groot vetkryte
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: baba, opgewonde, hospitaal, drukkie, verrassing, boetie, sussie, Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag, naweek
- Rammelaars of tromme

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Verduidelik vir die leerders dat hulle gaan voorgee om Thabi te wees en jou gaan help om 'n kaartjie vir Mamma en die tweeling te maak.
2. Vra of enigeen weet hoe ons 'n boodskap in 'n kaartjie begin skryf. Verduidelik dat ons kaartjies gewoonlik begin met die woorde: Liewe …
3. Bespreek dan wat julle volgende wil skryf. Skryf die leerders se woorde op die kaartjie nadat julle oor die bewoording ooreengekom het. Wys vir die leerders hoe om twee of drie sinne te skryf, en vra hulle dan om jou te help dink wat aan die einde van die kaartjie moet staan.
4. As daar tyd is, kan 'n paar leerders die kaartjie versier.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **Vry | dag**.
2. Vra die leerders om op elke lettergreep te marsjeer: **Vry** (een tree) **dag** (een tree). Gee vir 'n paar leerders rammelaars of tromme om op elke lettergreep te skud of te slaan.
3. Sê nog meerlettergrepige woorde uit die storie terwyl die leerders op maat van die lettergrepe marsjeer. Moedig die leerders aan om die lettergrepe in die woorde te tel (byvoorbeeld: "Vrydag" het twee lettergrepe).




## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.





Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 40 2021/11/28 15:21

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Fotokopie van die **Prenteraam-aktiwiteitsblad** vir elke leerder<br>• Gekleurde papier of blaaie uit 'n tydskrif wat die leerders in stukkies kan skeur | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br><br>**1** Die leerders moet stukkies gekleurde papier of bladsye uit 'n tydskrif skeur en dit op die rand van die papier plak om 'n raam te vorm.<br>**2** Daarna teken hulle 'n prent van hulle familie in die middel van die bladsy.<br>**3** Moedig die leerders aan om hulle naam langs die tekening van hulself te skryf, en om te probeer om die name van ander familielede te skryf. As alternatief kan jy hulle vra om vir jou die name van hulle familielede te sê sodat jy dit namens hulle kan skryf. |
| • **Klanke-legkaart**<br> | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Die leerders begin deur die legkaartstuk met vier prente daarop te vind. Hulle moet hierdie legkaartstuk in die middel van die tafel neersit.<br>**2** Die leerders moet die name en fokusklanke van elke prent sê.<br>**3** Leerder moet dan elkeen nog 'n legkaartstuk optel en die fokusklanke van al die prente op hulle legkaartstuk by mekaar pas. Die legkaart is voltooi wanneer al die stukke 'n vierkant vorm. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 41 2021/11/28 15:21


| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n A5-templaat van die letter "**k**" vir elke leerder<br>• Items of prente van dinge wat met "**k**" begin: kant, kurkproppe, koffiekorrels, klippies, krale, knope, konfetti, (verjaardag)kersies<br>• Gom en skêre<br>• Tydskrifte | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n lettertemplaat en items of prente met die fokusklank.<br>**2** Hulle moet die items of prente van dinge wat met die fokusklank begin, gebruik om die ruimtes te vul en die letter te vorm.<br>**3** Hulle kan ook tekeninge byvoeg van dinge wat met die fokusklank "**k**" begin.<br><br> |
| • Rekwisiete: komberse, poppe, doeke, stootwaentjie, bababedjie, bottels, bababad, skaal, klein handdoek | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle voorgegee het dat hulle ouers van nuwe babas is.<br>**2** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Verduidelik dat hulle gaan voorgee dat hulle ouers met 'n nuwe baba is. Hulle kan hul baba aantrek en voer en ook saamneem om ander ouers te besoek. Hulle kan ook kliniek toe gaan waar 'n verpleër die baba kan weeg en ondersoek.<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Byvoorbeeld: Jy kan voorgee dat jy 'n geskenk vir die nuwe baba bring. Vra die "ouers" oor hulle baba en vertel vir hulle hoe pragtig die baba is!<br> |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 42 2021/11/28 15:21

# Die mus-nes

## Storie



Dit is 'n koue herfsdag en Wilma en haar mamma staan voor die venster en kyk hoe die wind deur die bome waai. "Kan ek asseblief buite gaan speel?" vra Wilma vir Mamma. "Wilma, die wind waai en dit is koud. Jy moet warm aantrek as jy buitentoe wil gaan," sê haar mamma.

Wilma trek haar warmste baadjie aan en daar gaan sy. Net toe sy by die deur wil uitstap, sê haar mamma: "Hier is jou mus om jou kop en jou ore warm te hou."

Wilma hardloop uit in die koue wind. Sy kyk op na die bome en sien dat party bome die meeste van hulle blare verloor het.

Skielik ruk die sterk wind haar mus sommer van haar kop af. "Ag nee! Daar gaan my mus! Ek kan dit nie vang nie!" roep Wilma en begin agter haar mus aanhardloop. Maar die wind waai al sterker en die mus vlieg al hoe verder weg totdat dit heeltemal verdwyn.

Wilma hardloop terug huis toe en vertel vir haar mamma wat gebeur het. "Mamma, 'n rukwind het my mus van my kop afgewaai en nou kan ek dit nie kry nie! Ek het agter my mus aangehardloop, maar dit het oor die bome gewaai." Wilma se mamma sê: "Dis nou jammer dat jou mus weg is, maar dit is nie jou skuld nie, Wilma. Daardie mus is al 'n bietjie te klein vir jou en miskien vind iemand dit wat 'n mus baie nodig het."



Die weer raak al kouer en kouer, en gou is dit winter. 'n Paar maande later, sien Wilma dat daar nuwe groen blare aan die bome is en sy kan voel die weer raak warmer. Dit is nou lente, en die winter is vir nog 'n jaar verby. Binnekort gaan Wilma weer haar plakkies en sonhoed kan dra en heeldag buite kan speel.

Een warm lente-oggend besluit Wilma en haar mamma om by vriende te gaan kuier. Hulle kry 'n groot verrassing toe hulle verby 'n hoë boom stap. Daar, hoog in die boom, is Wilma se mus, en binne-in sit 'n mamma-voël. Sy maak 'n nessie vir haar eiers.

"Kyk!" sê Wilma se mamma. "Iemand hét toe jou mus nodig gehad, en dit gaan 'n lekker warm nes wees wanneer die kuikens uitbroei!" Wilma en haar mamma lag lekker en stap verder. Wilma kan nie wag om vir haar maatjie van die mus-nes te vertel nie.

***Fluit-fluit, my storie is uit.***





Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 43 2021/11/28 15:21

# Liedjie



Aai, aai, die wind kan waai
So hard dat die blare draai!
Dit waai my hier en dit waai my daar
Dit waai my hare deurmekaar!

Aai, aai, die wind kan waai
Van bo die berge tot in die baai!
Dit waai my hier en dit waai my daar
Al die bome sonder 'n blaar!

*(Sing op die wysie van "Aai, aai, die Witborskraai" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **mus** | **herfs** | **wind** | **winter** | **koud** | **lente** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | bome | blare | rukwind | verdwyn | warm | vang |
| | waai | hoë | verrassing | weer | buite | uitbroei |







Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 44 2021/11/28 15:21

# Week 1 Dag 1

**Jy benodig:**

- Storie: *Die mus-nes*
- Handpoppe: Mamma, Wilma, 'n boom, blare, 'n voël, 'n mus, sonhoed, somersklere, wintersklere
- Rekwisiete: baadjie, mus, plant/boompie sonder blare, plant/boompie met blare, plastiekvoël, sonhoed
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



## Heleklas-aktiwiteite

**Twee oë om te sien**
Twee oë om te sien,
Twee ore om te hoor,
Twee bene om te stap en draf, o ja!
Hier is my hande –
Gee joune vir my –
Tyd vir stories, hoera!

Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Hoe lyk die weer vandag? Het julle vanoggend klere vir warm of koel weer aangetrek?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Vra byvoorbeeld vir die leerders: *"Watter weer kry ons in die herfs? Watter klere dra ons in die herfs? En in die winter? En in die lente?"*

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Hoekom gee Wilma se mamma vir haar 'n mus om op haar kop te sit? Wat dink julle gaan volgende gebeur? Waarvoor word Wilma se mus gebruik?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie? Het julle al ooit iets verloor? Hoe het julle gevoel toe julle iets verloor het?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"Wilma, wind, waai, weer, winter. Kan julle die fokusklank hoor? **W**ilma, **w**ind, **w**aai, **w**eer, **w**inter. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**w**/."*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**w**/ begin: walvis, wiel, wortel, waatlemoen, wol, wors, waslap, watte."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**w**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**w**/ te sê: "**w-w-w**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **w** ("wee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 45 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie



# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

**1** Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.

**2** Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.


**3** Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.

**4** Sê ’n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.

**5** Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.

**6** Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter



**1** Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**w**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**w**/ begin.

**2** Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Steek ’n boek agter jou rug weg, en sê: ***“Wwwwaar** is die boek? Is die boek **wwwweg?”***

**3** Wys vir die leerders hoe om die letter **w** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol, gaan skuins af en skuins op, skuins af en skuins op.”*

**4** Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.

**5** Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf.

**6** Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 46 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **w** begin: walvis, wiel, wortel, waatlemoen, wol, wors, waslap, watte





# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Toe Wilma se mus weggewaai het, kon sy dit nie meer sien nie. Dit het … (verdwyn).
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Vra die leerders om voorwerpe te vind wat een van die fokusklanke het. Byvoorbeeld: *"Kan julle iets vind wat met die klank /**w**/ begin?"* Elke leerder moet dan die voorwerp benoem, die fokusklank sê en die voorwerp in die regte letterhouer sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 47 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Letterklank-kaarte 1, bypassende letters op ’n A4-bladsy geskryf

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1 Sing weer die liedjie.
2 Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3 Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4 Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5 Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *“Is die prente in die regte volgorde?”*
6 Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7 Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *“Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?”*
8 Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra ’n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.

Stella sê:



*Hier is ’n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *“Wie sien jy?” (karakters)*
- *“Wat doen hy/sy?” (werkwoorde en aksies)*
- *“Wat sien jy nog?” (kyk weer)*
- *“Waar is die …?” (benoem plekke/posisie)*
- *“Hoekom dink jy …?” (kreatiewe denke, lug menings)*



### Luister vir fokusklanke

1 Kies stelle van ses letterkaarte en bypassende prentkaarte wat reeds aan die leerders bekendgestel is.
2 Steek die letterkaarte in die klaskamer weg.
3 Die leerders gaan staan in ’n kring. Verduidelik vir hulle dat jy vir elkeen ’n prentkaart gaan gee. Wanneer jy sê “begin”, moet hulle die fokusklank vir hulle prent sê en ander in hulle groep vind wat prente met dieselfde fokusklank het. Hulle moet dan die letter vind wat by die fokusklank pas.
4 Wanneer hulle die bypassende letter gevind het, gaan sit hulle met al hulle kaarte op die mat.

Stella sê:



*Nadat jy die letterklank-kaarte uitgeknip het, sit ’n rekkie om elke stel prente met die ooreenstemmende letters sodat dit nie deurmekaar raak nie.*

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 48 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Takkies of stokkies, stukkies lap (pluisstof of ’n dik materiaal, indien moontlik) of gekleurde papier, eierhouers, watte (vir wolke), blare
- Gom, skêre, groot vetkryte
- ’n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: winter, venster, asseblief, aantrek, bome, verdwyn, kouer, oggend, kuikens, lente, rukwind

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle die lug en die gras op hulle vel papier moet inkleur.

**2** Hulle moet dan ’n boom uit blare en takkies/stokkies maak en dit op die papier plak.

**3** Wanneer hulle klaar die boom gemaak het, moet hulle ’n mus uit die lap, gekleurde papier of eierhouer knip en dit in die boom plak. Hulle kan watte gebruik om wolke te maak.



### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **ruk | wind**.

**2** Vra die leerders om na ’n maat te draai en mekaar ’n vatvyf te gee vir elke lettergreep: **ruk** (vatvyf) **wind** (vatvyf).

**3** Sê ander meerlettergrepige woorde uit die storie terwyl die leerders vir elke lettergreep vatvywe doen.

**4** Moedig die leerders aan om die lettergrepe in die woorde te tel (byvoorbeeld: “rukwind” het twee lettergrepe).

**5** Vir ’n uitbreiding van hierdie aktiwiteit kan jy ’n gedeelte van ’n woord uithaal en kyk of die leerders kan sê wat oorbly. Byvoorbeeld: Sê vir die leerders om “venster” te sê. Vra hulle om dit te herhaal, maar laat “ven” uit. Wat bly oor? (“ster”). Doen dit nou met nog woorde:
- “Oggend” sonder “og” is … (gend).
- “Winter” sonder “win” is … (ter).



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 49 2021/11/28 15:21


# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br>*As die leerders nie aan iets kan dink om te teken nie, kan jy vir hulle die opeenvolgende prente wys om idees te gee.* | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf. Byvoorbeeld: *"Die wind waai Wilma se mus tot in die … Watter woord wou jy volgende sê? Boom. Ek gaan die woord 'boom' skryf."*<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • 'n Eierhouer (vir ses eiers)<br>• 'n Boontjie of 'n klippie<br>• Letterklank-kaarte 1, uitgeknip<br> | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Sit die prentkaarte met die prentkant na bo op die tafel.<br>**2** Die leerders moet die eierhouer skud, dit oopmaak en kyk waar die boontjie/klippie geland het (byvoorbeeld: letter "**b**").<br>**3** Hulle moet dan 'n prent vind wat met "**b**" begin (byvoorbeeld: "bal").<br>**4** Die leerders neem beurte en versamel prente. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 50 2021/11/28 15:21

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Fotokopie van die **Mus-aktiwiteitsblad** vir elke leerder<br>• Watte, servette, wol, stukke lap/materiaal<br>• Gom, skêre<br>• Groot vetkryte<br> | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n kreatiewe mus met patrone gaan maak.<br>**2** Hulle kan watte aan die onderste rand vasplak en stukkies servet oprol om in die pompon op die punt te plak.<br>**3** Hulle kan die res van die mus met materiaal versier of die patrone inkleur.<br> |
| • Rekwisiete: weerkaart, wysstok, groot boks met 'n gat in die middel geknip (om soos 'n TV-skerm te lyk), plastiekmikrofoon of borsel, deftige klere vir 'n TV-onderhoudvoerder, kamma-videokamera | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Verduidelik dat hulle gaan voorgee dat hulle TV-aanbieders is wat die weerberig doen.<br>**2** Daar moet twee aanbieders wees asook 'n kamera-persoon en iemand wat na die weerberig op TV kyk.<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. |





Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 51 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies ’n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *“Wie kan onthou wat volgende gebeur het?”*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Gee vir elke leerder ’n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
6. Neem die leerders op ’n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.
7. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir ’n maat in die klas “lees”. Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel ’n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *“mus, mamma, maatjie, maande. Kan julle die fokusklank hoor? **M**us, **m**amma, **m**aatjie, **m**aande. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**m**/.”*
2. *“Luister nou mooi. Hier is nog ’n paar woorde wat met /**m**/ begin: man, mes, muis, mat, maan.”* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**m**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**m**/ te sê: “**m-m-m**”. Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **m** (“em”), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 52 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Die mus-nes*
- 'n A5-templaat van die letter "**m**" vir elke leerder
- Groot vetkryte

# Week 2 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite




### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**m**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**m**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan hulle magies vryf terwyl hulle "**mmmm**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **m** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, gaan af en op, om en af, op en om en af."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Verduidelik vir die leerders dat hulle nou terug na hulle tafels moet gaan om reënboogletters te maak. Dit beteken hulle gaan met verskillende kleure vetkryte oor die letter op hulle bladsy skryf.
6. As die leerders aan dinge kan dink wat met die klank begin wat die letter maak, kan hulle dit rondom die reënboogletter teken. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 53 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **m** begin: man, mes, muis, mat, maan, mielie, mot, magneet, mandjie, mier, masker, mou

Stella sê:



*Jy kan ook weergeluide (reën, wind) aflaai en dit vir die leerders speel.*

# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1. Dink aan verskillende idees om verskillende geluide te maak, soos om papier op te frommel, te knip en te skeur; te fluit; hande te klap; jou hande teen mekaar te vryf; jou vingers te klap of jou tong te klik.
2. Demonstreer elke geluid terwyl die leerders vir jou kyk sodat hulle dit kan identifiseer. Vra hulle dan om hulle oë toe te maak en te raai watter geluid dit is. Om hierdie aktiwiteit uit te brei, kan jy twee of drie geluide ná mekaar maak. Vra die leerders om die geluide in die regte volgorde te raai. Byvoorbeeld: Jy het eers hande geklap, toe het jy die papier geknip.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Gee vir party van die leerders 'n voorwerp en sê dan een van die klanke. Vra al die leerders wat 'n voorwerp het wat met daardie klank begin om vorentoe te kom en die voorwerp in die regte letterhouer te sit.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 54 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**


- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Groot vetkryte

# Week 2 Dag 4


## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1. Vra die leerders om na die lys op die aktiwiteitsblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien (getalle, prente en woorde).
2. Vertel vir hulle dat hulle nou 'n prettige aktiwiteit met die naam "Lees en doen" gaan doen. Hulle moet elke reël "lees" en dan in die oop ruimte op die bladsy doen wat dit sê.
3. Lees weer die eerste reël saam. Vra die leerders om twee bome te teken.
4. Vra of enige leerders kan "lees" wat hulle volgende op die lys moet doen: Hulle moet een mus teken.
5. Doen dit vir al die instruksies.
6. Lees nou weer elke instruksie en sê vir die leerders: *"Het julle twee bome geteken? Wanneer julle klaar is, merk dit af op die lys."*
7. Die leerders moet voortgaan om elke instruksie te teken en af te merk tot aan die einde van die lys.




### Luister vir fokusklanke



1. Kies stelle van ses letterkaarte en bypassende prentkaarte wat reeds aan die leerders bekendgestel is.
2. Steek die letterkaarte in die klaskamer weg.
3. Die leerders gaan staan in 'n kring. Verduidelik vir hulle dat jy vir elkeen 'n prentkaart gaan gee. Wanneer jy sê "begin", moet hulle die fokusklank vir hulle prent sê en ander in hulle groep vind wat prente met dieselfde fokusklank het. Hulle moet dan die letter vind wat by die fokusklank pas.
4. Wanneer hulle die bypassende letter gevind het, gaan sit hulle met al hulle kaarte op die mat.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 55 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Blaaibordpapier
- Groot vetkryte
- Witbordpen
- Verskillende musse wat die leerders gemaak het
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: winter, venster, asseblief, aantrek, bome, verdwyn, kouer, oggend, kuikens, lente, rukwind
- Rammelaars of tromme

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

**1** Begin deur dinge te bespreek wat die leerders al verloor het, byvoorbeeld 'n sokkie of 'n kosblik. Vra hulle om te verduidelik hoe hulle dit weer gevind het. Bespreek verskillende maniere waarop ons mense kan laat weet dat ons iets verloor het en hulp kan vra om dit te vind. Byvoorbeeld: Jy kan die juffrou vertel en sy kan die klas vra om jou kosblik te soek voordat almal huis toe gaan. Jy kan ook 'n plakkaat maak om vir mense te sê dat iets weg is.

**2** Verduidelik vir die leerders dat hulle jou gaan help om 'n plakkaat te maak vir iets wat weggeraak het.

**3** Kies een van die musse wat een van die leerders gemaak het. Vra die leerders om jou te help om die mus te beskryf sodat jy 'n plakkaat kan maak met 'n tekening en 'n beskrywing daarvan daarop.

**4** Luister na die leerders se beskrywings en teken 'n prent van die mus en skryf 'n kort beskrywing.

**5** Vra die leerders wat jy nog op die plakkaat moet skryf: 'n groot opskrif wat sê "**Weg!**" en die naam en kontaknommer van die persoon wat dit verloor het.




### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)



**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **win | ter**.

**2** Vra die leerders om op elke lettergreep te marsjeer: **win** (een tree) **ter** (een tree). Gee vir 'n paar leerders rammelaars of tromme om op elke lettergreep te skud of te slaan.

**3** Sê nog meerlettergrepige woorde uit die storie terwyl die leerders op maat van die lettergrepe marsjeer. Moedig die leerders aan om die lettergrepe in die woorde te tel (byvoorbeeld: "winter" het twee lettergrepe).

**4** Vir 'n uitbreiding van hierdie aktiwiteit kan jy 'n gedeelte van 'n woord uithaal en kyk of die leerders kan sê wat oorbly. Byvoorbeeld: Sê vir die leerders om "lente" te sê. Vra hulle om dit te herhaal, maar laat "len" uit. Wat bly oor? ("te"). Doen dit nou met nog woorde:

- "Oggend" sonder "og" is … (gend).
- "Winter" sonder "win" is … (ter).


## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 56 2021/11/28 15:21

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • Prente van verskillende soorte weer<br>• 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br> | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Wys vir die leerders prente van verskillende soorte weer.<br>**2** Verduidelik dat hulle 'n prent van hulle gunstelingweer moet teken (byvoorbeeld sonnig, reënerig). Hulle moet dink wat hulle in sulke weer sal aantrek, en ook teken wat hulle graag in sulke weer doen. |
| • 'n Eierhouer (vir ses eiers)<br>• 'n Boontjie of 'n klippie<br>• Letterklank-kaarte 1, uitgeknip<br> | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Sit die prentkaarte met die prentkant na bo op die tafel.<br>**2** Die leerders moet die eierhouer skud, dit oopmaak en kyk waar die boontjie/klippie geland het (byvoorbeeld: letter "**b**").<br>**3** Hulle moet dan 'n prent vind wat met "**b**" begin (byvoorbeeld: "bal").<br>**4** Die leerders neem beurte en versamel prente. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br>• Verskillende soorte blare | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Die leerders kan verskillende soorte blare onder die papier sit en met 'n vetkryt daaroor krap terwyl hulle die papier stewig vashou. 'n Blaarpatroon sal verskyn!<br> |
| • Rekwisiete: weerkaart, wysstok, groot boks met 'n gat in die middel geknip (om soos 'n TV-skerm te lyk), plastiekmikrofoon of borsel, deftige klere vir 'n TV-onderhoudvoerder, kamma-videokamera<br> | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle voorgegee het dat hulle TV-aanbieders is wat 'n weerberig doen.<br>**2** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Verduidelik dat hulle gaan voorgee dat hulle TV-aanbieders is wat die weerberig doen. Daar moet twee aanbieders wees asook 'n kamera-persoon en iemand wat na die weerberig op TV kyk.<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 57 2021/11/28 15:21

# ★ Skilpad en sy dop

## Storie

Sarel die skilpad woon stoksielalleen in 'n veld. Elke dag gaan staan hy aan die rand van die lang gras, waar hy kan sien en hoor hoe die ander diere rondhardloop en pret het. Sarel is hartseer. Hy het net een wens – hy wens hy kon so vinnig soos die ander diere hardloop. Een oggend staan Sarel op sy gewone plek en knaag aan krakerige, vars gras. "Ek dink my dop is te swaar," sê hy. "Dit is hoekom ek nie vinnig kan hardloop nie. Miskien sal ek so vinnig soos die ander diere kan hardloop as ek uit my swaar dop kruip en dit hier los."



En dit is wat hy toe doen. Sarel die skilpad wriemel en druk totdat hy uit sy dop kan kruip. Toe sy dop af is, voel hy hoe die lang gras sy sagte vel kielie en hy voel die hitte van die son op sy rug. Sarel draf laggend weg en roep: "Kyk vir my! Kyk vir my! Nou kan ek ook vinnig hardloop."

Ná 'n rukkie stop Sarel. Hy kry baie warm. Hy is nie gewoond daaraan om so te hardloop nie en sy bene voel moeg. Sarel hou nie van die warm son wat so reg op sy vel skyn nie. Dit voel of die sonlig die sagte vel op sy rug brand.

Sarel voel ongelukkig. Hy het nie meer sy dop om hom te beskerm nie. "Ek gaan 'n bietjie in die skaduwee van hierdie boom rus totdat ek afgekoel het," dink hy. Hy rus daar tot hy beter voel en gereed is om weer te hardloop.



Nadat Sarel gerus het, hardloop hy weer in die paadjie af. Kort voor lank hoor hy 'n geruis in die lug bo hom. Sarel kyk op en sien 'n arend. "Ag nee!" roep hy. "Daardie arend gaan my opeet en ek het nie my dop om my te beskerm nie!" Sarel sien 'n boom daar naby met 'n gat in die stam. Hy kruip vinnig in die gat weg en wag vir die arend om weg te vlieg.

Sarel klim uit die gat. Hy kyk in die lug op en sien donker wolke. Skielik hoor hy 'n donderslag – *boem!* Hy voel iets koud en nat op sy kaal rug spat. Dit reën! "Ek wens ek het my dop op my rug gehad om my te beskerm," sê hy, en hardloop terug om sy dop te gaan soek.

Teen die tyd dat hy sy dop vind, sak die son al en dit word donker. Sarel voel ongelukkig. Hy is bang en hy kry koud. Sarel klim terug in sy sterk, warm dop. "Ek gee nie om dat ek nie vinnig kan hardloop nie," dink hy. "Ek is 'n skilpad. Ek hou daarvan om warm te voel. Ek hou daarvan om veilig te voel. Ek is 'n skilpad, en dit sal ek altyd bly!"



En tot vandag toe kan skilpaaie nie hulle doppe afhaal nie.

***Fluit-fluit, my storie is uit.***



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 58 2021/11/28 15:21

## Liedjie

Ek's 'n skilpad en wil hardloop soos die wind! [klap! klap!]
Ek's 'n skilpad en wil hardloop soos die wind! [klap! klap!]
Ek haal my dop af, en nou kan ek vinnig draf.
Ek's 'n skilpad en wil hardloop soos die wind! [klap! klap!]

Die son brand so warm op my rug! [klap! klap!]
En daar vlieg 'n arend hoog bo in die lug! [klap! klap!]
Nou reën dit en ek's nat, so kom ek sê jou wat,
Ek sit eerder my dop weer terug! [klap! klap!]

Ek's 'n skilpad en dit sal ek altyd bly! [klap! klap!]
Ek's 'n skilpad en dit sal ek altyd bly! [klap! klap!]
Ek's 'n skilpad, dit is waar. Al is my dop so swaar.
Ek's 'n skilpad en dit sal ek altyd bly! [klap! klap!]



> *Wanneer die leerders die liedjie ken, kan hulle in die week hulle naam in die laaste strofe voeg. Byvoorbeeld: Ek's Lindie en dit sal ek altyd bly!*

*(Sing op die wysie van "If you're happy and you know it, clap your hands …" of gebruik jou eie wysie.)*

## Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **skilpad** | **dop** | **bang** | **beskerm** | **arend** | **sagte** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | vinnig | swaar | kielie | vel | hitte | rus |
| | skaduwee | moeg | gat | donderslag | kruip | warm |





Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 59 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Storie: *Skilpad en sy dop*
- Handpoppe: skilpad sonder ’n dop, ’n dop, ’n arend, ’n boom met ’n gat daarin, ’n son, donderwolke
- Rekwisiete: handpoppe; lap of ander materiaal vir die skilpad se dop, of ’n rugsak wat as ’n dop gebruik kan word; vere vir die arend; ’n voorwerp om as ’n boom te dien
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Twee oë om te sien**
Twee oë om te sien,
Twee ore om te hoor,
Twee bene om te stap en draf, o ja!
Hier is my hande –
Gee joune vir my –
Tyd vir stories, hoera!

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref ’n verband tussen die storie en die leerders se lewens: Vra of enigiemand al ’n skilpad gesien het. Verduidelik dat ’n skilpad ’n sagte lyf en ’n harde dop het en stadig beweeg. Wys vir die leerders prente van skilpaaie. Vra of hulle enige ander diertjies ken wat doppe het (slakke).

1.3 Sê: *“Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van ’n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind.”* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders ’n voorwerp of ’n prent of voer ’n aksie uit om vir hulle te wys wat ’n woord beteken. Byvoorbeeld: Om die woord “beskerm” te beskryf, kan jy die leerders vra of hulle al ooit reën op hulle lywe gevoel het, of gevoel het hoe die son hulle vel brand. Wat gebruik hulle om hulself te beskerm omdat hulle nie ’n dop het nie? (baadjie, sambreel, hoed).

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op ’n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *“Wat dink julle gaan met Sarel se lyf gebeur wanneer hy nie meer sy dop het nie? Waar kan Sarel vir die arend wegkruip?”*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *“Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?”*

### Stel ’n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *“reg, rug, rukkie, rus. Kan julle die fokusklank hoor? **R**eg, **r**ug, **r**ukkie, **r**us. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**r**/.”*

**2** *“Luister nou mooi. Hier is nog ’n paar woorde wat met /**r**/ begin: radio, ring, roomys, rot, rok, riempie, rys, renoster.”* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**r**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**r**/ te sê: “**r-r-r**”. Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **r** (“er”), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 60 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie




# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê ’n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**r**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**r**/ begin.
2. Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle ’n motor bestuur en “**rrrr**” sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **r** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol en af, op en om.”*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 61 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **r** begin: radio, ring, roomys, rot, rok, riempie, rys, renoster



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Vra die leerders om die vel op hulle arms te voel. Vra hulle of dit warm of koud is. Kan hulle voel hoe sag hulle vel is?
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Gee vir party van die leerders 'n voorwerp en sê dan een van die klanke. Vra al die leerders wat 'n voorwerp het wat met daardie klank begin om vorentoe te kom en die voorwerp in die regte letterhouer te sit.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 62 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- 'n Verskeidenheid voorwerpe uit vier letterhouers (een vir elke leerder)
- 'n Sak of kussingsloop
- 'n Selfoon om musiek te speel

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke

1. Plaas 'n paar voorwerpe uit die letterhouers in 'n sak.
2. Die leerders sit in 'n kring terwyl musiek speel en die sak omgestuur word. Wanneer die musiek stop, haal die leerder met die sak 'n voorwerp daaruit, sê wat dit is en watter klank hy/sy aan die begin hoor. Die speletjie gaan voort totdat almal 'n beurt gehad het.
3. Aan die einde staan groepe leerders met voorwerpe wat met dieselfde klank begin op en sit die voorwerpe terug in die korrekte letterhouers.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 63 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- 'n Halwe papierbord vir elke leerder
- Stukke lap of gekleurde papier, karton vir bene en kop
- Gom, skêre
- Groot vetkryte
- OF Speeldeeg, bone of lensies
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: skilpad, hardloop, gewone, krakerige, sonlig, skaduwee, opeet, arend, vinnig, veilig

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1 Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n papierbord en lap of gekleurde papier gaan gebruik om 'n skilpad te maak.

2 Leerders knip stukke lap of gekleurde papier en plak dit op die papierbord vas om die skilpad se dop te maak.

3 Hulle moet bene en 'n kop uitknip om op die dop te plak.




**OF**


1 Gee vir elke leerder 'n balletjie speeldeeg en verduidelik dat hulle 'n skilpad daarmee gaan maak.

2 Verduidelik dat hulle die bone/lensies op die tafel kan gebruik om die skilpad te versier.

3 Wanneer hulle klaar is, moet hulle die skilpad in die son sit om droog te word.

4 Ruim tyd in sodat die leerders in pare oor hulle skilpaaie kan gesels.

5 Vertoon die voltooide skilpaaie in die klaskamer.



### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1 Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **skil | pad**.

2 Vra die leerders om na 'n maat te draai en mekaar 'n vatvyf te gee vir elke lettergreep: **skil** (vatvyf) **pad** (vatvyf).

3 Sê ander meerlettergrepige woorde uit die storie terwyl die leerders vir elke lettergreep vatvywe doen.

4 Moedig die leerders aan om die lettergrepe in die woorde te tel (byvoorbeeld: "skilpad" het twee lettergrepe).


## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 64 2021/11/28 15:21

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br>*As die leerders nie aan iets kan dink om te teken nie, kan jy vir hulle die opeenvolgende prente wys om idees te gee.* | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf. Byvoorbeeld: *"Skilpad … kruip … terug … in … sy … Watter woord wou jy volgende sê? Dop. Ek gaan die woord 'dop' skryf."*<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • Botteldoppies of deksels<br>• Letterklank-kaarte 2, uitgeknip<br>• Die **Skilpad-speletjiebord**<br> | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Plaas die **Skilpad-speletjiebord** in die middel van die tafel.<br>**2** Elke leerder kry ses prente van fokusklanke wat in die vorige lesse gedek is. Skryf hierdie fokusletters aan die binnekant van die botteldoppies of deksels en plaas hulle op die skilpad se dop sodat die leerders nie die letters kan sien nie. Elke leerder kry 'n beurt om 'n doppie of deksel op te tel, om te draai, die klank te sê en te kyk of hulle 'n prent het wat met daardie klank begin.<br>**3** As hulle een het, bedek hulle daardie prent met die doppie of deksel. As dit nie by een van hulle prente pas nie, sit hulle die doppie of deksel weer terug waar dit was. Die eerste leerder wat al die prentjies bedek, is die wenner. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 65 2021/11/28 15:21

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • ’n A5-templaat van die letter “**r**” vir elke leerder<br>• Items of prente van dinge wat met “**r**” begin: ryskorrels, repies papier, rekkies, ringe, roomysstokkies<br>• Gom en skêre | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br><br>**1** Gee vir elke leerder ’n lettertemplaat en items of prente met die fokusklank.<br>**2** Hulle moet die items of prente van dinge wat met die fokusklank begin, gebruik om die ruimtes te vul en die letter te vorm.<br>**3** Hulle kan ook tekeninge byvoeg van dinge wat met die fokusklank “**r**” begin. |
| • Rekwisiete: ’n kaart van die berge, wandelstokke, sonhoed en sonroom, ’n sonbril, ’n verkyker van toiletrolle gemaak, ’n rugsak met ’n waterbottel, ’n klein noodhulpsakkie, ’n veldgids, items uit die natuur (blare, klippies), ’n paar plastiekinsekte of speelgoeddiere (of prente van insekte of diere) – pak dit oral rond of plak dit teen die mure vas | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Verduidelik dat hulle op ’n wandeling gaan.<br>**2** Die leerders kan deel van ’n stapgroep wees (met ’n hond). Hulle benodig ’n kaart van die berge, wandelstokke, ’n sonhoed en sonroom, ’n sonbril, ’n verkyker, ’n rugsak met ’n waterbottel, ’n klein noodhulpsakkie en ’n veldgids. Elke leerder moet ’n notaboek en ’n potlood saamneem sodat hulle dinge wat hulle op die wandeling sien, kan teken of neerskryf. Hulle kan die verkyker gebruik om ’n arend te soek of om te kyk of hulle ’n skilpad in die gras sien skuil!<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Moedig die leerders aan om dinge wat hulle op die wandeling sien, te teken of neer te skryf.<br> |

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
6. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.
7. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees". Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend



1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"Sarel, swaar, skyn, son. Kan julle die fokusklank hoor? **S**arel, **s**waar, **s**kyn, **s**on. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**s**/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**s**/ begin: spyker, stoel, spons, seep, skoenlapper, sambreel, skip, slang."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**s**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**s**/ te sê: "**s-s-s**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **s** ("es"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 67 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Skilpad en sy dop*
- 'n A5-templaat van die letter "**s**" vir elke leerder
- Groot vetkryte

# Week 2 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite




### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**s**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**s**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak asof hulle soos 'n slang seil terwyl hulle "**ssss**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **s** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, gaan om en krul na regs en weer om."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Verduidelik vir die leerders dat hulle nou terug na hulle tafels moet gaan om reënboogletters te maak. Dit beteken hulle gaan met verskillende kleure vetkryte oor die letter op hulle bladsy skryf.
6. As die leerders aan dinge kan dink wat met die klank begin wat die letter maak, kan hulle dit rondom die reënboogletter teken. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 68 2021/11/28 15:21

# Week 2 Dag 3

**Jy benodig:**

- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **s** begin: spyker, stoel, spons, seep, skoenlapper, sambreel, skip, slang, son, ster, skoen, saad, skaap, skilpad, spieël, spinnekop, skroef, servet, skulp, selfoon, suiker, sout, sleutel, sonbril



## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

**1** Begin hierdie luisteraktiwiteite deur die volgende te sê terwyl die leerders die aksies uitvoer: *"Kom ons maak gereed voordat ons begin luister: Skud julle litte los, vryf julle ore om hulle wakker te maak, en hou dan julle hande in julle skote."*

**2** Laat die leerders rustig raak op die mat en vra hulle om baie stil te sit. Sê vir hulle: *"Kan julle onthou hoe Sarel van die arend probeer wegkruip het? Kan julle onder julle tafels wegkruip? Goed, kom nou weer uit. Kan julle opstaan en kyk hoe lank julle kan strek?"* Sê nou: *"Kan julle dít doen?"*

- ★ *"Staan op jou linkervoet."*
- ★ *"Sit jou hande op jou kop."*
- ★ *"Raak aan jou tone."*
- ★ *"Sit jou hande oor jou ore."*
- ★ *"Klap jou tong."*
- ★ *"Staan op jou tone."*
- ★ *"Sit jou hande op jou heupe."*
- ★ *"Staan op jou regtervoet."*

**3** Sê vir die leerders: *"Ek gaan nou 'n paar dinge sê. Julle moet mooi luister en net die aksies doen wat julle kan doen. Party van hulle is onmoontlik!"*

- ★ *"Vou jou arms."*
- ★ *"Balanseer op jou hare."*
- ★ *"Wikkel jou tone."*
- ★ *"Stamp jou voete."*
- ★ *"Draai jou kop."*
- ★ *"Balanseer op een been."*
- ★ *"Klap jou hande."*
- ★ *"Staan op jou ore."*

### Letterhouers



**1** Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.

**2** Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*

**3** Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.

**4** Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.

**5** Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.

**6** Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.

**7** Gee vir party van die leerders 'n voorwerp en sê dan een van die klanke. Vra al die leerders wat 'n voorwerp het wat met daardie klank begin om vorentoe te kom en die voorwerp in die regte letterhouer te sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 69 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**


- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- 'n Verskeidenheid voorwerpe uit vier letterhouers (een vir elke leerder)
- 'n Sak of kussingsloop
- 'n Selfoon om musiek te speel

# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1. Vra die leerders om na die lys op die aktiwiteitsblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien (getalle, prente en woorde).
2. Vertel vir hulle dat hulle nou 'n prettige aktiwiteit met die naam "Lees en doen" gaan doen. Hulle moet elke reël "lees" en dan in die oop ruimte op die bladsy doen wat dit sê.
3. Lees weer die eerste reël saam. Vra die leerders om een boom te teken en in te kleur.
4. Vra of enige leerders kan "lees" wat hulle volgende op die lys moet doen: Hulle moet een son teken.
5. Doen dit vir al die instruksies.
6. Lees nou weer elke instruksie en sê vir die leerders: *"Het julle een boom geteken en ingekleur? Wanneer julle klaar is, merk dit af op die lys."*
7. Die leerders moet voortgaan om elke instruksie te teken en af te merk tot aan die einde van die lys.






### Luister vir fokusklanke

1. Plaas 'n paar voorwerpe uit die letterhouers in 'n sak.
2. Die leerders sit in 'n kring terwyl musiek speel en die sak omgestuur word. Wanneer die musiek stop, haal die leerder met die sak 'n voorwerp daaruit, sê wat dit is en watter klank hy/sy aan die begin hoor. Die speletjie gaan voort totdat almal 'n beurt gehad het.
3. Aan die einde staan groepe leerders met voorwerpe wat met dieselfde klank begin op en sit die voorwerpe terug in die korrekte letterhouers.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 70 2021/11/28 15:21

# Week 2 Dag 5

**Jy benodig:**

- 'n Vel papier met jou naam en die leerders se name teen die linkerkant af geskryf, 'n dik swart merkpen
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: skilpad, hardloop, gewone, krakerige, sonlig, skaduwee, opeet, arend, vinnig, veilig
- Rammelaars of tromme

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

**1** Begin deur oor die skilpad in die storie te gesels. Aan die begin van die storie wou Sarel nie meer sy dop gehad het nie, maar aan die einde van die storie het hy besef dat sy dop baie nuttig is en hom uniek en spesiaal maak. Hy was trots op sy dop.

**2** Gesels oor iets wat almal spesiaal en uniek maak. (Dink aan liggaamlike eienskappe, soos lang of krullerige hare, om kort of lank te wees; talente, soos om goed in sport te wees of mooi te kan sing; en persoonlikheidseienskappe, soos om dapper of 'n gawe mens te wees.)

**3** Wys nou na die name van leerders wat op die papier geskryf is. Begin met jou naam en vra die leerders wat hulle dink jou spesiaal maak. Skryf hulle woorde neer en lees dit dan vir die klas. Byvoorbeeld: *"Juffrou Jackie is baie snaaks en vriendelik en sy maak ons gelukkig."*

**4** Wys nou na die volgende naam op die lys. Vra die leerders of hulle weet wie se naam dit is; hopelik sal die leerders hulle eie name kan identifiseer. Vra die leerders om aan dinge te dink wat elke leerder spesiaal maak.

**5** Maak 'n sin met die woorde wat die leerders vir jou gee en skryf dit langs die leerders se name. Voeg jou eie woorde by om seker te maak dat elke leerder voel dat sy/haar spesiale eienskappe erkenning kry. Lees die sinne vir die klas terwyl jy na elke woord wys.

**6** Plak die lys teen die muur. Die leerders sal binnekort die woorde kan "lees" waarmee die ander leerders hulle beskryf het.



### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **ska | du | wee**.

**2** Vra die leerders om op elke lettergreep te marsjeer: **ska** (een tree) **du** (een tree) **wee** (een tree). Gee vir 'n paar leerders rammelaars of tromme om op elke lettergreep te skud of te slaan.

**3** Sê nog meerlettergrepige woorde uit die storie terwyl die leerders op maat van die lettergrepe marsjeer. Moedig die leerders aan om die lettergrepe in die woorde te tel (byvoorbeeld: "skaduwee" het drie lettergrepe).



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 71 2021/11/28 15:21

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy of stuk karton vir elke leerder<br>• 'n Fotokopie van die **Skilpaddop-aktiwiteitsblad** vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br>• Waterverf en verfkwaste<br>• Gom en skêre | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n fotokopie van die **Skilpaddop-aktiwiteitsblad**. Verduidelik dat hulle die patroon met vetkryte moet inkleur.<br>**2** Hulle moet dan met 'n ligte kleur waterverf oor die dop verf. Terwyl die verf droog word, kan hulle 'n kop, bene en 'n stert uitknip. Wanneer die verf droog is, knip hulle die dop uit, plak die kop, bene en stert daarop, en plak dan die skilpad op 'n stuk karton of papier.<br> |
| • Botteldoppies of deksels<br>• Letterklank-kaarte 2, uitgeknip<br>• Die **Skilpad-speletjiebord**<br> | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Plaas die **Skilpad-speletjiebord** in die middel van die tafel.<br>**2** Elke leerder kry ses prente van fokusklanke wat in die vorige lesse gedek is. Skryf hierdie fokusletters aan die binnekant van die botteldoppies of deksels en plaas hulle op die skilpad se dop sodat die leerders nie die letters kan sien nie. Elke leerder kry 'n beurt om 'n doppie of deksel op te tel, om te draai, die klank te sê en te kyk of hulle 'n prent het wat met daardie klank begin.<br>**3** As hulle een het, bedek hulle daardie prent met die doppie of deksel. As dit nie by een van hulle prente pas nie, sit hulle die doppie of deksel weer terug waar dit was. Die eerste leerder wat al die prentjies bedek, is die wenner. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 72 2021/11/28 15:21

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • ’n A5-templaat van die letter “**s**” vir elke leerder<br>• Items of prente van dinge wat met “**s**” begin: suigstokkiepapiertjies, sneespapier, sand, sponsies, strooitjies, saad, sterre, servette | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder ’n lettertemplaat en items of prente met die fokusklank.<br>**2** Hulle moet die items of prente van dinge wat met die fokusklank begin, gebruik om die ruimtes te vul en die letter te vorm.<br>**3** Hulle kan ook tekeninge byvoeg van dinge wat met die fokusklank “**s**” begin.<br> |
| • Rekwisiete: ’n kaart van die berge, wandelstokke, sonhoed en sonroom, ’n sonbril, ’n verkyker van toiletrolle gemaak, ’n rugsak met ’n waterbottel, ’n klein noodhulpsakkie, ’n veldgids, items uit die natuur (blare, klippies), ’n paar plastiekinsekte of speelgoeddiere (of prente van insekte of diere) – pak dit oral rond of plak dit teen die mure vas<br> | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle gaan wandel het.<br>**2** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Verduidelik dat hulle op ’n wandeling gaan. Die leerders kan deel van ’n stapgroep wees (met ’n hond). Hulle benodig ’n kaart van die berge, wandelstokke, ’n sonhoed en sonroom, ’n sonbril, ’n verkyker, ’n rugsak met ’n waterbottel, ’n klein noodhulpsakkie en ’n veldgids. Elke leerder moet ’n notaboek en ’n potlood saamneem sodat hulle dinge wat hulle op die wandeling sien, kan teken of neerskryf. Hulle kan die verkyker gebruik om ’n arend te soek of om te kyk of hulle ’n skilpad in die gras sien skuil!<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Moedig die leerders aan om dinge wat hulle op die wandeling sien, te teken of neer te skryf. |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 73 2021/11/28 15:21

# Gouelokkies

## Storie



Eendag was daar drie bere: Pappabeer, wat baie groot was, Bababeer, wat baie klein was, en Mammabeer, wat nie baie groot of baie klein was nie – sy was middelslag. Die drie bere het in 'n klein huisie in die woud gewoon.

Die bere eet elke dag pap vir ontbyt. Eendag sê Pappabeer in sy diep Pappabeer-stem: "Ons pap is nog te warm. Kom ons gaan stap in die woud terwyl dit afkoel." En daar stap hulle woud toe. Terselfdertyd is daar iemand anders wat ook in die woud stap – 'n meisie met goue hare. Weet julle wat haar naam was? Dit was Gouelokkies. Haar naam was Gouelokkies omdat haar hare die kleur van goud was.

Gouelokkies sien die bere se huis. Sy stap in die paadjie op en klop aan die deur. *Klop-klop-klop!* Niemand maak die deur oop nie. Sy loer deur die venster – dit lyk tog te lekker daar binne. Weet julle wat doen Gouelokkies toe? Sy stap sommer in die bere se huis in! Gouelokkies sien die pap op die tafel. Sy is baie honger. Sy proe eers aan Pappabeer se pap in die groot bakkie, maar dit is nie vir haar lekker nie, want dit is te sout. Toe proe sy aan Mammabeer se pap in die middelslag bakkie, maar sy hou ook nie daarvan nie, want dit is te soet. Toe proe sy aan Bababeer se pap in die klein bakkie. "Mmm," sê sy. "Ek hou van hierdie pap! Dit is net reg." En sy eet al Bababeer se pap op.

Gouelokkies is baie moeg en wil gaan slaap. Sy gaan soek 'n bed waarin sy kan slaap. In die slaapkamer sien sy drie beddens. Pappabeer se bed is baie groot. Mammabeer se bed is middelslag en Bababeer se bed is baie klein.

Gouelokkies klim in Pappabeer se groot bed, maar dit is te hard. Sy klim in Mammabeer se middelslag bed, maar dit is te sag. Toe klim sy in Bababeer se bed. Sy trek die kombers oor haar en sê: "Ek hou van hierdie bed! Dit is net reg."



Gouelokkies maak haar oë toe en raak vas aan die slaap. Terwyl sy slaap, kom die drie bere huis toe. Hulle is baie honger. Pappabeer kyk na sy pap en sê in sy diep stem: "Wie het my pap geëet?" Mammabeer kyk na haar pap en sê kwaai: "Wie het my pap geëet?" Bababeer kyk na sy pap. Hy is baie kwaad en sê: "Wie het my pap geëet?" En toe sê hy: "Dit is alles op!"

Die bere gaan na die slaapkamer. Pappabeer kyk na sy bed en sê: "Wie het in my bed geslaap?" Mammabeer kyk na haar bed en sê: "Wie het in my bed geslaap?" Bababeer kyk na sy bed en sê: "Wie slaap in my bed?" Hy kyk weer 'n keer en roep: "Daar is sy!"

Gouelokkies skrik haar boeglam. Sy spring uit die bed en hardloop so vinnig as wat sy kan weg. Die drie bere het haar nooit weer gesien nie.


***Fluit-fluit, my storie is uit.***



*Die storie van Gouelokkies bied 'n wonderlike geleentheid om verskillende stemme te gebruik: 'n growwe, diep stem vir Pappabeer, 'n middelmatige stem vir Mammabeer en 'n piepstemmetjie vir Bababeer. Party leerders in die klas sal hierdie storie goed ken. Omdat die storie van herhaling gebruik maak, sal selfs diegene wat nie die storie ken nie, gou die reëls kan leer. Moedig hulle aan om die woorde saam met jou te sê, of om dit te herhaal nadat jy 'n reël gesê het. Moedig die leerders aan om die stemme van die verskillende karakters te gebruik.*



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 74 2021/11/28 15:21




## Rympie

Gouelokkies stap eendag in die woud
Wat dink julle sien sy daar?
Die bere se huis, maar niemand is tuis
Al was die ontbyt al klaar.

Sy proe aan die pap, sy lê op die bed
Ag nee, dis mos ongeskik!
Die bere kom tuis, hier's iets nie pluis
En Gouelokkies wip soos sy skrik.



*Leer vir die leerders die verskil tussen 'n liedjie en 'n rympie. Ons kan die woorde van 'n liedjie sing en die woorde van 'n rympie opsê.*

*Die sing van 'n liedjie of opsê van 'n rympie is 'n goeie manier om die leerders se aandag ná pouse of raserige aktiwiteite te kry.*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **beer** | **woud** | **huis** | **venster** | **middelslag** | **honger** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | kombers | bakkie | groot | pap | proe | klim |
| | sout | soet | slaapkamer | moeg | kwaad | sag |





Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 75 2021/11/28 15:21

# Week 1 Dag 1

**Twee oë om te sien**
Twee oë om te sien,
Twee ore om te hoor,
Twee bene om te stap en draf, o ja!
Hier is my hande –
Gee joune vir my –
Tyd vir stories, hoera!

**Jy benodig:**

- Storie: *Gouelokkies*
- Handpoppe: drie bere, Gouelokkies, drie bakkies, drie beddens, pap
- Rekwisiete: tafel, stoele, drie beddens, potte, drie bakkies, lepels, maskers vir die drie bere, klere/bybehore vir Gouelokkies, kombers
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Wie het al 'n beer gesien? Wie het 'n teddiebeer by die huis? Wie eet graag pap vir ontbyt?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: Vra vir die leerders om na die vensters in die klas te wys en te tel hoeveel daar is. Wys vir die leerders die drie bere en gesels oor die middelslag een.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"In wie se bed dink julle gaan Gouelokkies slaap: Pappabeer se bed, Mammabeer se bed of Bababeer se bed? Hoekom? Hoe gaan Gouelokkies voel wanneer sy wakker word en die drie bere sien?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

1 Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"dag, diep, deur. Kan julle die fokusklank hoor? **D**ag, **d**iep, **d**eur. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**d**/."*

2 *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**d**/ begin: duim, das, donkie, Dinsdag, drie, deksel."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

3 Sê die klank /**d**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

4 Vra die leerders om die klank /**d**/ te sê: "**d-d-d**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **d** ("dee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 76 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Rekwisiete of prente vir die rympie


# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe rympie leer wat by die storie pas.
4. Sê ’n paar reëls van die rympie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou op te sê. Leer vir hulle die rympie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die rympie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die rympie. Sê dit in meer as een taal op – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter




1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**d**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**d**/ begin.
2. Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan byvoorbeeld kloue met hulle hande maak en grom en “**d-d-d-draak**” sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **d** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol, in die rondte om, maak die sirkel toe, op tot bo en dan weer regaf.”*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 77 2021/11/28 15:21




**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **d** begin: deksel, donkie, duim, dolfyn, das, druiwe, duif, dinosourus, draad



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sê die rympie op.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Vra of hulle voorbeelde van sout en soet kos kan noem. Jy kan selfs verskillende soorte kos saambring en 'n paar leerders kies om die kos te proe en te sê of dit sout of soet is.
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers



1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Gee vir party van die leerders 'n voorwerp en sê dan een van die klanke. Vra al die leerders wat 'n voorwerp het wat met daardie klank begin om vorentoe te kom en die voorwerp in die regte letterhouer te sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 78 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Letterklank-prentkaarte en letterkaarte

## Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*




# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sê weer die rympie op.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke


1. Steek voor die les die prentkaarte op verskillende plekke in die klaskamer weg.
2. Verduidelik vir die leerders dat hulle wegkruipertjie met die prentkaarte gaan speel.
3. Verdeel die leerders in groepe en gee vir elke groep 'n letterkaart. Die leerders moet die klank sê wat die letter maak en dan soek vir prente wat daardie fokusklank het.
4. Wanneer die leerders al die prentkaarte wat by hulle letter pas gevind het, gaan sit hulle in 'n kring op die mat.
5. Die leerders neem dan beurte om elke prent te benoem en die fokusklank te sê.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 79 2021/11/28 15:21




Jy benodig:

- 'n Skoon A4-bladsy per leerder
- Bruin, swart, rooi/pienk en wit verf
- Verfkwaste
- Voorbeeld van 'n vurk-beergesig
- 'n Plastiekvurk vir elke leerder
- Groot vetkryte
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: Gouelokkies, bere, venster, lekker, bakkie, slaapkamer, beddens, kombers, boeglam, hardloop

# Week 1 Dag 5


## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle beergesigte met die vurke gaan maak.

**2** Gesels oor die bere se groottes en sê vir hulle dat hulle 'n groot Pappabeer, 'n middelslag Mammabeer en 'n klein Bababeer moet maak.

**3** Hulle kan begin deur 'n groot kol verf op die papier te maak vir Pappabeer en dit dan met die vurk uit te krap. Dan maak hulle 'n middelslag kol vir Mammabeer en 'n klein kol vir Bababeer. Hulle kan ander kleure gebruik om vir die bere oë, ore, 'n neus en 'n mond te maak.



### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **Gou | e | lok | kies**.

**2** Vra die leerders om na 'n maat te draai en mekaar 'n vatvyf te gee vir elke lettergreep: **Gou** (vatvyf) **e** (vatvyf) **lok** (vatvyf) **kies** (vatvyf).

**3** Sê ander meerlettergrepige woorde uit die storie terwyl die leerders vir elke lettergreep vatvywe doen.

**4** Moedig die leerders aan om die lettergrepe in die woorde te tel (byvoorbeeld: "Gouelokkies" het vier lettergrepe).



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 80 2021/11/28 15:21

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

**Jy benodig**

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte






*As die leerders nie aan iets kan dink om te teken nie, kan jy vir hulle die opeenvolgende prente wys om idees te gee.*


**Aktiwiteite**

***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**

1. Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.
2. Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".
3. Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.
4. Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.
5. Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.
6. Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.
7. As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf. Byvoorbeeld: *"Gouelokkies … eet … al Bababeer se pap op. Wat wou jy volgende sê? Ja, Bababeer was baie hartseer. Ek gaan 'Bababeer was baie hartseer' skryf."*
8. Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
9. Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.

**Jy benodig**

- Twee **Renmotor-speletjieborde**
- Letterklank-kaarte 3, uitgeknip
- Twee dobbelstene



**Aktiwiteite**

***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**

1. Sit die **Renmotor-speletjiebord** op die tafel neer en laat twee of drie leerders om die bord sit.
2. Sit die prentkaarte in 'n hoop neer met die prentkant na onder. Sit die letterkaarte ook neer, met die letterkant na bo sodat die leerders dit kan sien.
3. Verduidelik vir die leerders die reëls:
   - Elke leerder kry 'n beurt om die dobbelsteen te gooi en die speelmunt die regte hoeveelheid spasies aan te skuif.
   - Nadat die leerders hulle speelmunt geskuif het, tel hulle 'n prentkaart uit die hoop op, benoem die prent en sê die fokusklank.
   - Hulle sit dan die prentkaart langs die korrekte letterkaart neer.
   - Die speletjie is verby wanneer die eerste leerder die vlag bereik.

**Jy benodig**

- Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures



**Aktiwiteite**

***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**

1. Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.
2. Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.
3. Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.
4. Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 81 2021/11/28 15:21

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • Ses **Beertemplate** met gaatjies daarin gemaak<br>• Ses skoenveters of stukke tou<br> | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n beer en verduidelik dat hulle die veters/tou deur die gate gaan ryg.<br>**2** Hulle moet daarna die veter/tou versigtig uithaal sodat die volgende leerder dit kan gebruik.<br>**3** Wanneer hulle klaar is, ruil hulle met 'n ander leerder en ryg 'n beer van 'n ander grootte.<br> |
| • Rekwisiete: karton en 'n witbordpen om 'n naambord vir 'n restaurant te maak, 'n potlood en papier waarmee die kelners bestellings kan neem, 'n sjefhoed, 'n tafel en stoele met 'n tafeldoek, koppies, borde, eetgerei, 'n ou telefoon, spyskaarte vir wegneemetes<br> | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en vra hulle om rustig te raak.<br>**2** Wys vir die leerders die nuwe rekwisiete, en verduidelik dat hulle die tema van smaak en reuk gaan volg om restaurant te speel.<br>**3** Vra hulle om 'n naam/uithangbord vir die restaurant te maak, asook 'n spyskaart en 'n bordjie wat oop/toe wys. Hulle kan voorgee om die kos te maak en mense te bedien wat in die restaurant sit. Hulle kan ook voorgee om die restaurant te bel en wegneemetes te bestel.<br>**4** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Jy kan byvoorbeeld "bel" en 'n bestelling vir 'n wegneemete plaas.<br> |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 82 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).

**2** Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.

**3** Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*

**4** Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.

**5** Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.

**6** Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.

**7** As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees". Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.

Stella sê:



*Die letters **b** en **d** kan jong leerders verwar omdat hulle so eners lyk. Verduidelik vir die leerders dat die **d** se "magie" na links wys en die **b** se "magie" wys na regs. As jy 'n alfabetkaart het, kan jy vir die leerders die **b** en die **d** daarop wys, en dan ook die letter met die eerste klank van die prentjie (byvoorbeeld /**b**/ vir bal of /**d**/ vir das) in verband bring. Soek voorbeelde van hierdie letters op tekens en etikette in die klaskamer, en kyk of die leerders jou kan help om uit te werk watter 'n **b** en watter 'n **d** is.*



### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"bere, baie, bakkie, bed. Kan julle die fokusklank hoor? **B**ere, **b**aie, **b**akkie, **b**ed. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**b**/."*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**b**/ begin: boek, bal, beker, blom, by, been, bok."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**b**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**b**/ te sê: "**b-b-b**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **b** ("bee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 83 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Gouelokkies*
- 'n A5-templaat van die letter "**b**" vir elke leerder
- Groot vetkryte

# Week 2 Dag 2




## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**b**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**b**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan voorgee om 'n bal te bons terwyl hulle "**b-b-b-b**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **b** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, gaan af, op en dan rond en om."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Verduidelik vir die leerders dat hulle nou terug na hulle tafels moet gaan om reënboogletters te maak. Dit beteken hulle gaan met verskillende kleure vetkryte oor die letter op hulle bladsy skryf.
6. As die leerders aan dinge kan dink wat met die klank begin wat die letter maak, kan hulle dit rondom die reënboogletter teken. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 84 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**

- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **b** begin: boek, bal, beker, blom, by, been, bok, ballon, blaar, blokkie, boom, boontjie, bottel, blikkie, bus





# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

**1** Begin vandag se luisteraktiwiteit deur te sê: *"Luister nou mooi en boots die klanke wat ek maak na."* Klap 'n volgorde/ritme met jou hande. Die leerders moet jou naboots:

- klap, klop-klop, klap, klop-klop
- klop-klop-klop, klap, klop-klop-klop, klap
- klap, klop-klop, klap, klap

**2** Wanneer die leerders rustig is, sê: *"Ek gaan nou vir julle 'n paar leidrade gee en julle moet raai waaraan ek dink. Sit jou hand op jou kop as jy dink jy weet wat die antwoord is."* Hier volg die leidrade:

- *"Ek dink aan die kos wat Gouelokkies geëet het toe sy in die drie bere se huis was."* (pap)
- *"Ek dink aan 'n soort kos wat baie gesond is. Dit is oranje en lank en dun. Dit is krakerig wanneer jy dit eet. Dit groei onder die grond."* ('n wortel)
- *"Ek dink aan iets wat geel is en wat jy op jou brood kan smeer."* (botter of margarien)
- *"Ek dink aan iets wat soet is. Dit word van vrugte gemaak. Jy kan dit op jou brood of roosterbrood smeer."* (konfyt)

### Letterhouers

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.

**2** Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*

**3** Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.

**4** Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.

**5** Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.

**6** Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.

**7** Gee vir party van die leerders 'n voorwerp en sê dan een van die klanke. Vra al die leerders wat 'n voorwerp het wat met daardie klank begin om vorentoe te kom en die voorwerp in die regte letterhouer te sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 85 2021/11/28 15:21

**Jy benodig:**


- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Letterklank-prentkaarte en letterkaarte

# Week 2 Dag 4


## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1 Vra die leerders om na die lys op die aktiwiteitsblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien (getalle, prente en woorde).
2 Vra die leerders om na die eerste reël te kyk en te "lees" wat daar staan. Lees dan al die reëls saam.
3 Vertel vir hulle dat hulle nou 'n prettige aktiwiteit met die naam "Lees en doen" gaan doen. Hulle moet elke reël "lees" en dan in die oop ruimte op die bladsy doen wat dit sê.
4 Lees weer die eerste reël saam. Vra die leerders om een deur te teken, maar moenie vir hulle sê waar hulle die deur moet teken nie.
5 Vra of enige leerders kan "lees" wat hulle volgende op die lys moet doen: Hulle moet vier vensters teken.
6 Doen dit vir al die instruksies.
7 Lees nou weer elke instruksie en sê vir die leerders: *"Het julle een deur geteken? Wanneer julle klaar is, merk dit af op die lys."*
8 Die leerders moet voortgaan om elke instruksie te teken en af te merk tot aan die einde van die lys.




### Luister vir fokusklanke



1 Steek voor die les die prentkaarte op verskillende plekke in die klaskamer weg.
2 Verduidelik vir die leerders dat hulle wegkruipertjie met die prentkaarte gaan speel.
3 Verdeel die leerders in groepe en gee vir elke groep 'n letterkaart. Die leerders moet die klank sê wat die letter maak en dan soek vir prente wat daardie fokusklank het.
4 Wanneer die leerders al die prentkaarte wat by hulle letter pas gevind het, gaan sit hulle in 'n kring op die mat.
5 Die leerders neem dan beurte om elke prent te benoem en die fokusklank te sê.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 86 2021/11/28 15:21

# Week 2 Dag 5

**Jy benodig:**

- 'n Groot vel wit papier, 'n groot koevert, posseëls, 'n swart koki-pen
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: Gouelokkies, bere, venster, lekker, bakkie, slaapkamer, beddens, kombers, boeglam, hardloop
- Rammelaars of tromme




## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Bespreek die idee van om verskoning vra met die klas: *"Hoekom sê ons jammer? Wanneer sê ons jammer? Hoe sê ons jammer?"*
2. Gesels oor Gouelokkies se aksies in die storie: *"Was dit goeie maniere om in die bere se huis in te gaan terwyl hulle nie daar was nie? Was dit goeie maniere om hulle kos te eet en in hulle beddens te slaap? Was dit goeie maniere om weg te hardloop toe die bere by die huis gekom het?"*
3. Bespreek hoe belangrik dit is om ander mense in die klas se goed te respekteer. Bring die storie met die leerders se daaglikse ervaring in verband waar hulle 'n klaskamer met ander leerders deel.
4. Vra die leerders hoe Gouelokkies moes opgetree het.
5. Verduidelik dat Gouelokkies vir die bere 'n brief wil skryf om jammer te sê vir haar gedrag in hulle huis. Vertel vir die leerders dat hulle jou gaan help om 'n brief te skryf.
6. Plak 'n groot vel papier op die bord. Gesels oor hoe 'n mens 'n brief begin. Skryf: "Liewe Bere". Vra die leerders: *"Wat dink julle moet Gouelokkies vir die bere sê?"* Luister na hulle idees en skryf dit op 'n eenvoudige manier neer. Gesels oor hoe 'n mens 'n brief afsluit. Skryf "Met liefde van Gouelokkies" onderaan die brief. Lees die brief saam. Wys na elke woord terwyl die klas saam met jou "lees".
7. Bespreek hoe briewe per pos gestuur word. As die leerders ander idees het oor hoe die brief gestuur kan word, kan julle die voor- en nadele van hierdie idees bespreek. 'n E-pos sal byvoorbeeld baie vinniger as 'n brief wees.
8. Die brief moet opgevou en in 'n koevert gesit word. Bespreek die praktiese aspekte van die pos van briewe, soos om die adres op die koevert te skryf, seëls daarop te plak en die brief te pos. (Indien moontlik kan jy die leerders na 'n posbus neem om die ervaring te beleef om die brief te pos.)
9. Stuur 'n "antwoordbrief" van die bere aan die klas. Pos die brief na die skool toe.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)




1. Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **ven | ster**.
2. Vra die leerders om op elke lettergreep te marsjeer: **ven** (een tree) **ster** (een tree). Gee vir 'n paar leerders rammelaars of tromme om op elke lettergreep te skud of te slaan.
3. Sê nog meerlettergrepige woorde uit die storie terwyl die leerders op maat van die lettergrepe marsjeer. Moedig die leerders aan om die lettergrepe in die woorde te tel (byvoorbeeld: "venster" het twee lettergrepe).

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • Groot velle skoon koerantpapier<br>• 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br>• Gom, skêre<br>• Prente van verskillende bome | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Plak voor die les 'n paar velle skoon koerantpapier teen die muur.<br>**2** Elke leerder moet 'n boom op 'n A4-bladsy teken en dit om die rante uitknip.<br>**3** Hulle kan die bome dan op die skoon koerantpapier plak om 'n "woud" te maak.<br>**4** Die leerders kan tydens voorgee-speltyd voorgee dat die handpoppe deur die woud stap.<br> |
| • Twee **Renmotor-speletjieborde**<br>• Letterklank-kaarte 3, uitgeknip<br>• Twee dobbelstene<br> | ***Aktiwiteit 2*: Legkaarte en speletjies**<br>**1** Sit die **Renmotor-speletjiebord** op die tafel neer en laat twee of drie leerders om die bord sit.<br>**2** Sit die prentkaarte in 'n hoop neer met die prentkant na onder. Sit die letterkaarte ook neer, met die letterkant na bo sodat die leerders dit kan sien.<br>**3** Verduidelik vir die leerders die reëls:<br>• Elke leerder kry 'n beurt om die dobbelsteen te gooi en die speelmunt die regte hoeveelheid spasies aan te skuif.<br>• Nadat die leerders hulle speelmunt geskuif het, tel hulle 'n prentkaart uit die hoop op, benoem die prent en sê die fokusklank.<br>• Hulle sit dan die prentkaart langs die korrekte letterkaart neer.<br>• Die speletjie is verby wanneer die eerste leerder die vlag bereik. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Jy sal dalk aanvanklik die leerders moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**3** Wys vir hulle hoe om 'n boek oop te maak en daardeur te blaai. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 88 2021/11/28 15:21

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • Ronde stukke karton<br>• Verskillende natuurlike materiale, soos: klippies, stokkies, sade, blare, dennebolle, akkers, gras/strooi/hooi<br> | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n beer se gesig gaan ontwerp.<br>**2** Hulle kan verskillende materiale gebruik om die gesig te maak. Hulle moenie die materiale op die sirkel vasplak nie, sodoende kan die sirkels weer gebruik word en kan hulle verskillende gesigte met die verskillende materiale uit die natuur maak.<br> |
| • Rekwisiete: karton en 'n witbordpen om 'n naambord vir 'n restaurant te maak, 'n potlood en papier waarmee die kelners bestellings kan neem, 'n sjefhoed, 'n tafel en stoele met 'n tafeldoek, koppies, borde, eetgerei, 'n ou telefoon, spyskaarte vir wegneemetes<br> | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle voorgegee het om 'n restaurant te besoek of daar te werk.<br>**2** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en vra hulle om rustig te raak. Wys vir die leerders die nuwe rekwisiete, en verduidelik dat hulle die tema van smaak en reuk gaan volg om restaurant te speel.<br>**3** Vra hulle om 'n naam/uithangbord vir die restaurant te maak, asook 'n spyskaart en 'n bordjie wat oop/toe wys. Hulle kan voorgee om die kos te maak en mense te bedien wat in die restaurant sit. Hulle kan ook voorgee om die restaurant te bel en wegneemetes te bestel.<br>**4** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Jy kan byvoorbeeld "bel" en 'n bestelling vir 'n wegneemete plaas.<br> |



Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 89 2021/11/28 15:21

# ★ Kwartaal 2: Voorbeeldrekord van deurlopende assessering (kontrolelys)

| | Luister en praat | | | | | Klanke, Lees en kyk | | | | | | | Handskrif en Ontluikende skryf | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ✓ **Bereik**<br>• **Byna bereik**<br>× **Nog nie bereik nie** | Luister na eenvoudige instruksies en voer dit uit. | Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tye. | Sing eenvoudige liedjies en voer bewegings uit (met hulp). | Vra vrae. | Gebruik taal om te dink en te redeneer: pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille. | Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van hulle eie naam. | Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe: klap of gebruik tromslae op elke lettergreep in die woord of identifiseer die hoeveelheid lettergrepe (klappe) in die name van die kinders in die klas. | Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier. | Dramatiseer dele van stories, liedjies of rympies. | Herken eie naam en die name van sommige maats in die klas. | "Lees" selfstandig en vir genot boeke uit die biblioteek/klaskamer se leeshoekie. | "Lees" vergrote tekste soos gedigte, Groot Boeke en plakkate as 'n heleklas-aktiwiteit saam met die onderwyser (Gedeelde lees). | Ontwikkel fynmotoriese beheer deur duidelik omlynde prente, vorms ens. uit te knip. | Hou vetkryte reg vas en gebruik 'n aanvaarbare potloodgreep. | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting. | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie. | Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra. | Probeer letters skryf deur te krabbel en probeer eie skryfwerk "lees": "lees" wat krabbels beteken. | Rolspeel skryf in speelsituasies: skryf van 'n telefoonboodskap, inkopielys, 'n verkeersboete. Herskryf teks vanuit die omgewing in speelsituasies. |
| **Datum** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **Name** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

# ★ Kwartaal 2: Luister en praat Rubriek 1 en 2

| Assesseringskriteria | 1. Nie bereik nie (0–29%) | 2. Gemiddelde prestasie (30–49%) | 3. Bevredigende prestasie (50–74%) | 4. Uitnemende prestasie (75–100%) |
|---|---|---|---|---|
| 1 **Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde** | Kan nie stories vertel en oorvertel nie; kan net 'n paar woorde sê. | Beperkte oorvertelling; noem slegs enkele gebeure; volgorde moontlik nie korrek nie; gebruik kort sinne en eenvoudige woordeskat. | Kan die meeste gebeure in die storie oorvertel, met 'n begin, middel en einde, maar met baie min besonderhede; benodig aanmoediging, soos: "en toe …"; "wat het volgende gebeur?"; begin langer sinne gebruik. | Storie volg 'n logiese volgorde en het 'n begin, middel en einde; karakters en agtergrond is in besonderhede beskryf; menings en gevoelens van karakters is beskryf; gebruik langer en ingewikkelder sinne en voeg woorde bymekaar, soos "en toe"; "daarna het"; gebruik nuwe woordeskat uit die storie. |
| 2 **Rangskik 'n stel prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is** | Kan nie 'n stel kaarte in die korrekte volgorde rangskik nie. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde, maar kan nie die storie vertel nie. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde en kan 'n eenvoudige storie vertel. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde en kan 'n storie met toepaslike besonderhede vertel. |

# ★ Kwartaal 2: Klanke, Lees en kyk Rubriek 1 tot 3

| Assesseringskriteria | 1. Nie bereik nie (0–29%) | 2. Gemiddelde prestasie (30–49%) | 3. Bevredigende prestasie (50–74%) | 4. Uitnemende prestasie (75–100%) |
|---|---|---|---|---|
| 1 **Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel** | Kan nie enige letters herken of die klanke sê wat hierdie letters maak nie. | Kan 1–4 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. | Kan 5–7 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. | Kan 8–10 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. |
| 2 **Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van eie naam en ander woorde** | Herken nie dat woorde uit klanke bestaan nie; kan nie die beginklank van eie naam of ander woorde gee nie. | Kan beginklank van eie naam gee, maar sukkel om beginklanke vir ander woorde te gee. | Kan beginklank van eie naam gee; kan beginklanke van party ander woorde gee. | Kan konsekwent beginklank van eie naam en ander woorde gee. |
| 3 **Maak eie storie op deur die prente te "lees"** | Kan nie prente gebruik om te voorspel waaroor storie handel nie; beskryf prente met gebruik van baie beperkte taal. | Gebruik prente om die storie te voorspel en te beskryf, maar benodig hulp. | Gebruik prente om te voorspel waaroor storie handel; gebruik moontlik 'n "leesstem". | Gebruik prente om te voorspel waaroor storie handel; toon begrip dat prente en woorde verwant is, maar tog verskil; gebruik 'n "leesstem"; wys na woorde wanneer hy/sy "lees". |

# ★ Kwartaal 2: Ontluikende skryf en Handskrif Rubriek 1 tot 3

| Assesseringskriteria | 1. Nie bereik nie (0–29%) | 2. Gemiddelde prestasie (30–49%) | 3. Bevredigende prestasie (50–74%) | 4. Uitnemende prestasie (75–100%) |
|---|---|---|---|---|
| 1 **Ontwikkel kleinspiervaardighede en fynmotoriese vaardighede** | Sukkel om fynmotoriese aktiwiteite te voltooi; vermy take of raak gefrustreerd. | Kan sommige fynmotoriese aktiwiteite voltooi, maar neem tyd; werk onakkuraat. | Kan die meeste fynmotoriese aktiwiteite voltooi; raak meer akkuraat en werk doeltreffender. | Voltooi fynmotoriese aktiwiteite met selfvertroue, akkuraatheid en gemak. |
| 2 **Teken prente om hoofgedagte van stories, liedjies of rympies weer te gee** | Tekening is onherkenbaar of bevat slegs krabbels of sirkels met lyne. | Tekening is herkenbaar, maar hou nie met die storie, liedjie of rympie verband nie. | Teken 'n kleurvolle prent wat met 'n storie verband hou; tekeninge van hoofkarakters bevat sommige van die volgende: bene, arms, hande, voete, oë, neus, mond, ore. | Teken 'n kleurvolle, gedetailleerde prent wat met 'n storie verband hou; sluit hoofkarakter met besonderhede soos klere in. |
| 3 **Toon begrip dat skryf en teken verskillende aksies is: voorgeeskryf met gebruik van krabbels** | Kan nie idees voorstel deur te teken of te skryf nie. | Stel idees voor deur te teken, maar geen bewyse van voorgee-skrif of krabbels nie. | Verstaan dat skryf en teken verskil: gee voor om te skryf deur krabbels te gebruik. | Verstaan dat skryf en teken verskil en begin om te "skryf" deur 'n mengsel van nagebootste letters en krabbels te gebruik; boots moontlik letters en getalle in die klaskameromgewing in eie skryfpogings na. |

# ★ Hoe om speeldeeg te maak

## Jy benodig

- ★ 1 koppie meel
- ★ ¼ koppie sout
- ★ ½ koppie warm water
- ★ 5 druppels koskleursel




## Stappe

1 Meng die meel en sout.

2 Meng ’n ½ koppie warm water en ’n paar druppels koskleursel.

3 Gooi die water stadig in die meelmengsel en roer terwyl jy dit ingooi. Roer tot dit goed gemeng is, en knie dit dan met jou hande totdat dit ’n deeg vorm. As die deeg te taai is, kan jy nog meel bygooi.

4 Herhaal hierdie stappe met verskillende kleure koskleursel.




*Maak die speeldeeg ’n bietjie warm deur dit in jou hande te druk. Dit is ’n goeie oefening vir kinders se handspiere. Bêre die speeldeeg in plastieksakke om dit vars te hou en hou dit in die yskas, indien moontlik, of in ’n koel plek.*


# ★ Hoe om ’n klein boekie te maak

## Stappe


1 Maak fotokopieë van die klein boekie wat jy benodig.




2 Met die prente na bo, vou die bladsy in agt dele. Vou dit weer oop.




3 Vou die bladsy in die helfte, in die middel af.




4 Knip op die middelste vou, soos aangedui in die illustrasie hiernaas en die stippellyne op die klein boekies.




5 Hou die papier aan albei kante tussen jou vinger en jou duim vas.



6 Bring jou hande af en bymekaar.




7 Maak ’n biblioteek vir die klein boekies deur almal in ’n klein houer te bêre – ’n jellieboksie werk baie goed!





# Notas





Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 95 2021/11/28 15:21



1
2






2
1


















Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 100 2021/11/28 15:21




Wordworks

Changing lives through literacy

Hierdie boek behoort aan:

..............................................



1




2

3



4



5



6



Hierdie boek
behoort aan:

.............................................

# Ons nuwe baba



African Storybook.org




1



2


3





4




5




6



Hierdie boek behoort aan:

..............................................

# Die mus-nes



Wordworks
Changing lives through literacy



1




2

3



4



5



6



6




5



4



3



Hierdie boek behoort aan:

............................................

# Skilpad en sy dop



Wordworks
Changing lives through literacy



1



2

Hierdie boek behoort aan:

..............................................

Gouelokkies



Wordworks
Changing lives through literacy


1



2




3




4




5




6






| | |
|---|---|
| 1 | koei |
| 1 | bok |
| 1 | voëltjie |
| 1 | nes |
| 4 | wurms |


Activity Guide Term 2_AFRIKAANS.indd 106 2021/11/28 15:22




| | |
|---|---|
| 2 | bome |
| 1 | mus |
| 1 | voël |
| 5 | blare |
| 1 | son |




***Skilpad en sy dop:*** *Lees en doen-aktiwiteitsblad*



- 1 boom
- 1 son
- 2 arende
- 3 wolke
- 5 reëndruppels




1 deur
4 vensters
3 bere
5 bye
2 blomme